

Dagstukkies 13
Inspirerende Gedagtes uit Die Woord
VOLUME 13
Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 13)

**Dit bly my voorreg om hierdie Dagstukkies te skryf.**

**En elke keer as ek die 100ste een uitgestuur het, kon ek weer 'n boekie laat druk.**

**Hierdie boekies word gebruik by Kleingroepe en van hulle vind hul weg in preke. Is dit nie wonderlik nie?**

**En so word die Here se Woord oorgedra.**

**Afgesien dat dit in Suid Afrika versprei word, bereik dit ook ook Amerika, Portugal, Engeland, Cambodia en Australië. (Daar mag nog ander lande ook wees?)**

**Al die eer behoort net aan die Here!**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

## Ons het mekaar nodig

**1 Korinthiërs 12:18,21** *"Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam (wat Sy gemeente is) gestel soos Hy gewil het…En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie."*

Die afgelope jaar het ons besef hoe nodig ons mekaar het. Toe kerke toe was en ons nie eers die reg gehad het om bymekaar te kuier nie, was dit duidelik hoe nodig ons mekaar het. Praat nie eers van hulle wat in die hospitaal gekom het en geen besoekers kon ontvang nie.

Wat ook meer duidelik geword het is dat baie keer kom jy op 'n plek dat jy nie eers vir jouself kan bid nie. Vra maar hulle wat so siek was dat hulle net nie vir hulleself kon bid nie. Miskien was jy een van hulle? In ons gemeente het ek gesien hoe effektief gebedsgroepe is, waar hulle op 'n daaglikse wyse vir mense kon intree in gebed.

Onthou God het jou in jou gemeente geplaas soos Hy dit wou gehad het. Moet dus nooit sê dat iemand nie nodig is nie. Die geringste onder ons is baie belangrik vir die Here, en moet dus ook belangrik wees vir ons. Laat ons besluit om, selfs na al die inperking verby is, nog uit te reik na mekaar. Onder ons moet daar nie eensame mense wees nie.

Dink na oor wat ek sê, dat ons mekaar nodig het.
Is daar iemand na wie jy moet uitreik in die volgende week?
Verseker is daar 'n persoon wat hoop jy kontak hom of haar.

**Dank God vir reën!**

**Joël 2:23** Die Boodskap: *"Wees bly, inwoners van Sion (dit verwys na God se mense), juig tot eer van die Here julle God! Die reën wat van Hom af kom, is 'n teken dat Hy regtig vir julle omgee.*
'The Message' vertaal ons teks met: *"...rejoice in the Lord your God! For the rains He sends are tokens of forgiveness."*

Elke keer as dit reën is ons só dankbaar! Meer as toe ons nog jonk was. Want toe ons jonk was het ons nooit gedink dat water sal skaars raak soos vandag nie. Onthou jy nog hoe ons water uit 'n kraan, daar by die skool, gedrink het? Ons het in 'n ry gestaan en die water laat loop het totdat almal gedrink het, sommer so met jou hand wat gedien het as 'n beker. Vandag moet ons betaal vir 'n bottel water.

Daarom, dank ons opnuut die Here vir elke druppel reën, en bly ons almal bid dat ons damme sal vol word met water. Nadat dit oor die naweek by ons in Jeffreysbaai meer as 60mm reën geval het, is ons weer baie dankbaar teenoor die Here. Maar wat vir my meer waarde het as alles is dat reën 'n teken is van God se vergifnis.

Kom ons dank opnuut die Here dat Hy ons vergewe het en nog steeds sal vergewe. Bid ook dat God ons land sal vergewe sodat 2 Kron. 7:21 sal waar word, naamlik: 'As ons as volk toon dat ons berou het en wegdraai van ons bose weë, sal die Here ons vergewe en ons land genees.'

Jy en ek kan namens ons volk bely en vra vir vergifnis.
Dank ook God met blydskap dat Hy 'n God is wat vergewe.
En mag Hy dit deur ons land bevestig met reën wat Hy gee.

## Wat het met my oes gebeur?

**Galasiërs 6:7,9** "...wat die mens saai, dit sal hy maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."

Jy bly getuig, met geloof in jou hart, dat die Here sal voorsien in al jou behoeftes soos wat geskrywe staan in Fil. 4:19. Jy is gefrustreerd omdat jy gereeld jou deel bydra in jou kerk en selfs vir ander se behoeftes gee en tog nie ontvang soos wat jy gehoop het nie. Jy vra: Wat het van my oes geword?

Die eerste rede waarom mense nie "oes" nie is omdat hulle die beginsel van "saai en maai" verander het na "maai en saai" – en dit is net nie hoe dit werk nie. Ons kan nie verwag om te ontvang indien ons nog nie gegee het nie. In Lukas 6:38 het Jesus ons geleer: "Gee en aan julle sal gegee word." Ons moet eers saai voordat ons 'n oes kan verwag. In al die Skrifte in die Bybel kom saai altyd voor maai. Dink mooi wat jy al gesaai het dan kan jy hoop om te maai.

Miskien sê jy dat jy nie het om te gee nie? Dan moet jy weer 2 Kor. 9:10 mooi lees: "En mag Hy wat saad verskaf aan die saaier..." Vra dan die Here om saad aan jou te gee sodat jy kan saai om te kan maai. En luister hierna: Wanneer die Here jou saad gee om te saai, kry vrede in jou hart waar jy moet saai – doen niks sonder vrede nie.

Ons moet nie moeg word om goed te doen nie. (Gal. 6:9)
Want op die regte tyd, sal ons maai as ons nie verslap nie!
Ons vlees wil nie wag nie – maar op God se tyd sal jy ontvang!

# Die Heilige Gees wil deur jou werk

**Johannes 16:13** Die Boodskap:" Maar *as die Heilige Gees eers hier is, sal Hy julle hand vat en julle met die paaie van die waarheid langs lei. Hy is immers die Gees wat die waarheid ken. Hy sal nie sommer 'n klomp los dinge uit sy eie vir julle vertel nie. Hy sal met julle praat oor wat Hy gehoor het. Verder sal Hy julle ook voorberei vir alles wat nog voorlê. Die Gees sal voortbou op wat Ek gesê en gedoen het."*

Ons leef in 'n tyd dat die internet verstommend ontwikkel. Fone en rekenaars is iets wat daagliks 'n deel van ons lewe geword het. Tog wil ek hê jy moet hoor dat wat ons nou ervaar is nog net 'n druppel in die emmer.

Meer nog, die Heilige Gees wat God gegee het om in ons te woon en ons te lei in al die waarhede van die Here, wil nog meer openbaar – en Hy hoop jy laat hom toe om dit deur jou lewe te doen. Indien jy 'n sakeman is wil die Gees van God jou wys hoe om jou produk en winste te vermeerder. Hoe meer jy kan verdien as gelowige, hoe meer kan jy gee om Sy koninkryk uit te bou op aarde.

Tydens die laaste wêreld oorlog was Amerika se bote vinniger gesink deur die vyand as wat hulle gebou kon word. Hulle moes die bote onderstebo bou, maar met die omdraai het die sweiswerk gebreek. 'n Gelowige ingenieur het met 'n plan na vore gekom. Na dae van vas en bid, het God hom deur Sy Gees gewys wat gedoen moes word en wat die sweis-formule moes wees. Die probleem was opgelos en Amerika kon daardie tyd elke dag 'n nuwe oorlogskip bou.

Ek bid dat God se Gees aan jou wonderlike idees sal gee!
Mag die Heilige Gees jou gebruik om met antwoorde te kom.
Moet nooit dink dat die Here jou nie ook kan gebruik nie.

**Om Jesus beter te ken**

**Filippense 3:10,11** *"Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."*

Die Boodskap vertaal ons Skrif met: *"Een ding wil ek nou regtig graag hê, en dit is om Jesus te ken. Daardie krag wat Jesus lewend uit die graf laat uitstap het, wil ek ook hê. Ek wil nie weghardloop vir lyding soos Jesus s'n nie..."*

Paulus het Jesus beter leer ken toe die dinge wat vir hom eers 'n wins was minder waarde gehad het, as sy verhouding met Christus. (Vers 7) Wat hom verder gehelp het was toe hy sy verkeerde verlede kon vergeet. (Vers 14) Dit moet ons ook doen!

Om die Here te leer ken verg 'n daaglikse verhouding met Hom. As Sy volgeling, kom julle ooreen die pad wat julle moet loop. Geen wonder Spr. 3:6 stel dit soos volg: *"Ken Hom in alles wat jy doen (maak seker dat God ook tevrede is) en Hy sal jou die regte pad laat loop."*

Indien ons in verhouding met Christus leef, sal ons 'n geur van Sy liefde versprei. Dit is hoe ek 2 Kor. 2:15 verstaan, naamlik: *"Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God..."* Dit werk soos parfuum – want dit is nie nodig om enige persoon te vertel dat jy parfuum gebruik het nie. Mense met wie jy kontak maak sal dadelik bewus word van die geur wat jy versprei.

Ons leef in 'n wêreld waar ons die "geur" van Christus mis.
Daarom moet jy en ek Jesus se gesindheid versprei.
Soms is dit met 'n glimlag en 'n woord van bemoediging.

# Geen veroordeling nie

**Romeine 8:1** *"Daar is dan nou gee veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Die Boodskap: *"Goeie Nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*

Het jy gehoor? Wanneer jy aan Christus Jesus behoort is daar geen veroordeling nie. As daar ooit 'n waarheid is in die Bybel wat jy moet glo, dan is dit hierdie waarheid. Want ons leef in 'n wêreld waar mense mekaar veroordeel – maar die ergste is dat ons geneig is om onsself ook te veroordeel.

Die Fariseërs wat die vrou in Joh. 8 na Jesus gebring het – het gehoop dat Hy haar ook sal veroordeel. Almal van hulle het 'n klip in hulle hand gehad om haar te stenig. Jesus het toe vir hulle gesê, dat hy wat geen sonde het nie mag eerste 'n klip gooi. Al die Fariseërs het pad gegee. En in Joh. 8:10,11 sê Jesus vir haar: *"Vrou waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie."*

Jesus het nie haar sonde goedgekeur nie, maar Sy genade was vir haar genoeg. Vandag sê ons vir mense dat hulle nie moet sondig nie, dan sal ons hulle nie veroordeel nie. Wanneer God ons vergewe het dan dink Hy nooit weer daaraan nie.
Dit is hoe ek Heb. 8:12 verstaan. Los die aankla werk vir die duiwel. (Open. 12:11)

Romeine 8:1 moet in jou hart gebêre word.
Aanvaar geen veroordeling nie – nie eers van jouself nie.
As Jesus jou vrygemaak het, is jy waarlik vry. (Joh. 8:36)

# Ondersoek jouself

**2 Korinthiërs 13:5** "Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!"

In die Ou Testament het die Priester nie die sondaar ondersoek nie, maar die lam wat as offer gebring was. Paulus moedig ons ook in ons teks aan om onsself te ondersoek maar nêrens word ons aangesê om onsself skuldig te verklaar nie. Ons het nie die opdrag ontvang om ander te ondersoek nie.

Ek het selfs as 'n jong prediker dikwels myself veroordeel, en kon nie altyd glo dat die Here my volkome vergewe het nie. Diep in my binneste het ek gedink dat my eerste kind sou gebore word met gebreklike bene. Dit was omdat ek as seun stout was. Kan jy dit oorvertel? Ai, die duiwel is voorwaar die vader van die leuens, soos wat Jesus dit gesê het in Joh. 8:44.

Maar loof die Here! Die dag toe ons eerste seun gebore is het ek sy kombersie oopgemaak om na sy bene te kyk. Ek kon sien dat God aan ons 'n gesonde seun gegee het – met twee sterk bene! Net daar het veroordeling van my skouers afgeval.

Wanneer jy siek is, mag jy jouself ondersoek, maar moet jouself nie veroordeel nie. Lees weer die verhaal van die man wat lam gebore is. Selfs die dissipels het gedink hy of sy ouers het sonde gedoen, daarom was hy lam gebore. (Joh. 9)

As Jesus Christus jou vergewe het is jy waarlik vry.
God het ons lankal vergewe, dan vergewe ons onsself nog nie.
Jou geloof moet 'n anker wees wat jou vasmaak aan die Here.

**Wat is Hoop?**

**Romeine 5:5** "...en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."

Die Boodskap: "Wanneer ons al ons hoop op God stel, sal ons nooit teleurgestel wees nie. Want Hy vul ons lewens elke dag met Sy liefde. Dit doen Hy deur die Heilige Gees wat by ons bly."

As ek jou sou vra om "hoop" te verduidelik – wat sal jou antwoord wees? Die regte antwoord is: Hoop is verwagting. Ons teks leer ons dat ons hoop in God ons nie sal teleurstel nie, omdat Sy liefde uitgestort is in ons harte, deur Sy Gees.

Hoop dien as 'n bloudruk vir geloof. Net soos wat jy eers 'n bloudruk moet hê voordat jy jou huis kan bou. In Heb. 11:1 lees ons "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."
Die teenoorgestelde van hoop is wanhoop. Hoop is nie 'n wensdenkery nie, dit staan vas op die beloftes in God se woord.

Indien jou dokter jou laat weet dat jou kanse vir herstel maar skaars is, dan moet jy seker maak jou hoop vir herstel is gebaseer op God se Woord soos wat ons lees in 1 Petrus 2:24 "...deur wie se wonde julle genees is."

Wanneer ons hoop verloor, het geloof nie meer 'n doel om te bereik nie. Hoop kom wanneer ons God se beloftes neem en dit gedurig oordink in ons harte. Hoop kom wanneer jy jouself sien met dit wat God jou beloof het.

Hoop sal weer lewendig word in jou as jy God se Woord glo.
Dan sal niks jou kan laat afsien van wat jy wil bereik nie.
Die vyand sal jou hoop wil steel – maar hou aan om te hoop.

## Ons is nuwe mense!

**2 Korinthiërs 5:17** *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Nuwe Christene word dikwels vertel wat hulle behoort te wees. Min word vertel wat hulle reeds geword het, nadat hulle kinders van God geword het. In 2 Kor. 5:17 word ons duidelik vertel wat ons is in Christus. Die letterlike betekenis van die woorde "nuwe skepsel" meen 'n nuwe menslike spesie wat nog nie voorheen bestaan het nie.

Twee ander vertalings stel dit ook so treffend. "The Living Bible" stel dit soos volg: *"When someone becomes a Christian he becomes a brand new person inside. He is not the same any more. A new life has begun."* "Die Boodskap" vertaal dié vers soos volg: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is – 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"*

Blaai gereeld na Efesiërs 1, en sê dan vir jouself: "Ek is geseënd om God se kind te wees; ek is geseënd omdat God my geneesheer is; ek is geseënd want Hy voorsien in al my behoeftes." Sê ook: "Ek is uitverkies; ek is vergewe; ek is 'n erfgenaam; ek is verseël deur Sy Gees en my vyande is onder my voete." (Al hierdie waarhede staan geskrywe in Efesiërs, hoofstuk een)

Daarom is jy nie meer wat jy was nie – maar 'n nuwe skepsel.
Glo dit en spreek dit uit sodat jy dit self weer kan hoor.
Natuurlik moet jy ook leef soos iemand wat nuut gemaak is!

## Raadpleeg God eerste

**1 Kronieke 14:10** *"Toe het Dawid God geraadpleeg en gesê: Sal ek optrek teen die Filistyne, en sal U hulle in my hand gee? En die Here het aan hom gesê: Trek op, en Ek sal hulle in jou hand gee."*

Hierdie verhaal is toe die Filistyne verneem het dat God vir Dawid as koning gesalf het oor Israel. Ons lees in vers 8: *"Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor die hele Israel gesalf was, het al die Filistyne opgetrek om Dawid te soek. Toe Dawid dit hoor, het hy teen hulle opgetrek."*

Weet dit: Die duiwel word briesend wanneer God Sy kinders salf om hulle te gebruik. Maar al het Dawid geweet dat God hom gesalf het as koning, het hy nog steeds raad en hulp van die Here gesoek. Sy posisie van gesag het hom nie hoogmoedig gemaak om self reg te kom nie. Sukses was al baie keer die struikelblok wat mense gekeer het om groter deurbrake te ondervind.

Geestelike ondervinding en bekwaamheid moet ons nooit op 'n plek bring dat ons dink ons het nie die Here se leiding nodig nie. Kom ons leer van Dawid dat selfs nadat hy die eerste oorwinning oor die Filistyne behaal het (verse 10-12) het hy, toe hulle hom weer aangeval het, God gevra wat moet hy die tweede keer doen om die Filistyne weer te verslaan. (lees dit in verse 13-16) God het hom 'n nuwe strategie gegee.

In Joh. 15:5 sê Jesus: *"…sonder My kan julle niks doen nie."*
Vir hierdie rede moet ons altyd God eerste raadpleeg.
*"Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."*
(Spr. 3:6)

## Die ingeplante Woord

**Jakobus 1:21** *"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red."*
Die Lewende Bybel: *"Julle moet julle losmaak van alles wat vuil en verkeerd is. Wees nederig en ontvang die woord wat God in julle harte plant, want dit kan julle red."*

Niks bou jou geloof meer as wanneer jy, met jou mond, God se woord verklaar nie. As jy genesing verklaar volgens wat geskrywe staan in die Bybel, versterk jy jou geloof. As jy siek is meen dit nie dat jy nie erken jy siek is nie. Die werklikheid is dat jy siek is, maar die waarheid is dat jy deur Jesus se wonde genees is. (1 Pet. 2:24)

As jy onder finansiële druk is, dan maak jy hierdie verklaring: "Die werklikheid is dat my finansies groot druk op my plaas. Die waarheid is dat my God sal vir my voorsien in al my behoeftes volgens Sy oorvloedige rykdom." (Fil. 4:19) Jy bely altyd eers die beloftes in die woord van die Here – dit sal jou antwoord wees op elke probleem.

As jy toelaat dat God se woord jou lewe oorheers, deur dit te glo en te spreek, sal jy deurbrake sien plaasvind. Jy sal genesing sien, soos wat die vrou gesien het toe sy Jesus se kleed aangeraak het vir haar genesing. (Markus 5:28)

Sien in jou gees elke oorwinning wat jy tans nodig het.
Roep dit wat nie bestaan nie, asof dit wel bestaan. (Rom. 4:17)
God se Gees is in jou – daarom kan jy spreek. (2 Kor. 4:13)

## "Herstel ons, o God!"

**Psalm 85:5,7** *"Herstel ons, o God van ons heil...Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?"*
Die Boodskap: *"God, verander tog ons omstandighede. Kry ons weer jammer...Help ons om weer nuut te begin lewe sodat U kinders vrolik en bly kan wees."*

As daar ooit 'n gebed is wat ons, in ons land, moet bid – dan is die hierdie gebed. Ons het God nodig soos nog nooit in die geskiedenis van ons geliefde Suid Afrika.

Die woord "herstel" hier beteken: "Om terug te bring soos wat dit oorspronklik was." Dit is net die Here wat dit vir ons kan doen. Maar ons kan alleen hierdie gebed bid indien ons ook kan sê wat geskrywe staan in vers 3, naamlik: *"U het die ongeregtigheid (die sonde) van U volk weggeneem, al hulle sonde bedek."*

Twee uitstaande kenmerke van alle herlewings was: Ten eerste het mense hulle sondes van harte bely. Dit sal wonderlik wees as ons weer die krag van belydenis kan ontdek, want ons leef in 'n tyd dat mense verkeerd doen en net aangaan met hulle lewe asof niks verkeerds gebeur het nie. Ons land het al baie Kommissies gehad en tog het daar nie veel daarna gebeur nie.

Die tweede kenmerk van ware herlewing is blydskap. Kyk om jou en vra jouself of jy baie blydskap sien? Wanneer God ons weer lewend maak sal ons beslis oorloop van blydskap. Die blydskap in die Here is voorwaar ons beskikking. (Neh. 8:11)

Ons soek gebrokenheid, sodat huwelike en gesinne sal herstel.
Ons wil 'n groter dors na God sien en na Sy woord en gebed.
Ons wil ook sien dat ons mense sal oorloop van ware blydskap.

## Neem jou laste na Jesus

**Matteus 11:28.29** "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed."

Nêrens in die Bybel word ons geleer om ons laste self te dra nie. Om jou kruis op te neem volgens Matt. 10:38, beteken dit nie om jou laste op te neem nie, maar om jou lewe as 'n offer vir Christus te gee. Dit beteken dat die "ek" in jou moet sterwe sodat Christus kan leef. Lees dit in die lig van wat geskrywe staan in Gal. 2:20.

Die Bybel leer ons dat ons oor niks besorg moet wees nie, maar dat ons alles deur gebed en met danksegging aan God bekend moet maak. (Fil. 4:6) Maak soos die lied dit stel: "Bring jou laste na die Heer en laat dit daar." Die duiwel gee nie om dat jy jou laste na Jesus toe bring nie, maar hy gee om as jy dit aan Jesus se voete los! Indien ons aan die Here gehoorsaam wil wees moet ons 'n besluit neem om ons nie te kwel nie, en ook op te hou om laste te wil dra.

In 2 Kor. 10:5 lees ons dat ons gedagtes gevange kan neem tot die gehoorsaamheid aan Christus. Gebruik hierdie Skrif 'n slag op jouself, deur vir jou eie gedagtes te sê om onder gehoorsaamheid te kom aan God se beloftes in Sy woord.

Deur 'n wilsbesluit bring jy jou laste na die Here.
Moenie dit weer gaan optel nadat jy daaroor gebid het nie.
Jou skouers is in elk geval nie breed genoeg om dit te dra nie!

## Die stem in jou binneste

**Romeine 8: 14,16** "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Die Gees self getuig saam met ons gees (hier binne ons) dat ons kinders van God is."

Vind jy dit soms moeilik om God se stem te hoor? Selfs wanneer jy jou Bybel lees, kan jy nie duidelik verstaan hoe praat die Here met jou nie? Dit veroorsaak baie onsekerheid, veral wanneer jy besluite moet neem oor dinge wat God se Woord nie spesifiek aanspreek nie – soos wanneer jy moet verhuis, of 'n ander motor wil koop.

God se Gees en die Bybel sal nooit mekaar weerspreek nie, en albei vervul 'n onmisbare deel in ons verhouding met God. Mag albei hierdie twee "stemme" nooit stil raak in jou lewe nie. Dit moes 'n skok vir Simson gewees het toe hy geroep het na God om hom te help in Rigters 16, net om uit te vind, niemand antwoord hom nie. Daar staan geskrywe in vers 20: "Want hy het nie geweet dat die Here van hom gewyk het nie."

Die Here wil graag met ons praat. Wanneer dit God is wat met jou praat sal jy dit, hier diep in jou binneste weet. 'n Prediker het dit eenmaal in Engels soos volg gestel: "You will know that you know." Jy sien, as die Here met jou praat sal daar geen onsekerheid by jou wees nie. Sy stem kom altyd met vrede. Indien daar nie vrede in jou binneste is nie, maak seker wie se stem het jy gehoor.

Watter voorreg om gelei te word deur die Heilige Gees.
Dit sal aan jou sekerheid gee dat jy God se kind is.
Bewaar dit elke keer wanneer die Here moet jou sou praat.

## God het mag om Sy beloftes te hou

**Romeine 4:20,21** *"En hy (Abraham) het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee, en was ten volle oortuig dat Hy (God) ook die mag het om te doen wat Hy beloof het."*

Dit word algemeen aanvaar dat daar 5467 beloftes in die Bybel is, wat God gegee het. Dan skryf Paulus in 2 Kor. 1:20: *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."*
Neem kennis dat die woord "Amen" beteken "laat dit so wees" – wanneer jy dus jou gebed afsluit met 'n "Amen" dan sê jy eintlik "Here, laat dit wees soos ek gebid het".

Natuurlik is beloftes gekoppel aan voorwaardes. Daarom, wanneer jy 'n belofte uit God se woord aanvaar vir jouself, maak seker jy kom ook die voorwaardes na wat daarin voorkom. Net soos Abraham, moet ons ook oortuig wees dat God mag het om te doen wat Hy beloof het.

Vandag wil ek jou aanmoedig om die beloftes wat jy reeds van die Here ontvang het opnuut te glo. Miskien het jy, in jou Bybel, 'n datum geskryf by daardie belofte? Indien daardie belofte nog nie vervul is nie, lees dit weer hardop vir jouself en bid dat die Here dit vir jou waar sal maak. Ons glo met ons hart en bely met ons mond soos wat daar staan in Rom. 10:10.

Moet nooit twyfel aan God se beloftes nie!
Weet dit dat Sy tyd nie ons tyd is nie.
God sal alles wat Hy belowe het vervul.

## Net God kan volkome herstel

**Psalm 85:5** *"Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet U grimmigheid teen ons!"*

Die Boodskap: *"God, verander tog ons omstandighede. Kry ons weer jammer. U is die Een wat ons vrymaak. Moenie meer vir ons kwaad wees nie."*

Een van die beste voorbeelde in die Bybel, van iemand wat God volkome herstel het, vind ons in Daniël 4. Dit is waar koning Nebukadnesar gedroom het van die groot boom in die middel van die aarde – waarvan die hoogte die hemel bereik het. Maar toe kom 'n Engel met hierdie bevel: *"Kap die boom af, maar laat sy penwortel bly."*

Ons weet dit verwys na koning Nebukadnesar. Verder het God gesê dat hy 'n hart van 'n dier sou ontvang en dat hy vir sewe jaar gras sal eet om te oorleef. Alles was omdat Nebukadnesar homself verhoog het en nie God eer gegee het nie. Ons lees daarvan in Dan. 4:29-33.

God herstel Nebukadnesar op 'n wonderlike wyse en herstel hom weer as koning. Maar eers nadat hy hom tot God bekeer het! (Lees Dan. 4:34-37) As God herstel dan doen Hy nooit halwe werk nie. Wat is daar wat herstel moet word in jou lewe? Is dit jou verhouding met God? Is dit volkome blydskap? Is dit julle huwelik wat herstel moet word? Los al die mensgemaakte planne en gaan na God vir hulp.

As jy nie herstel nodig het nie – wat van iemand naby jou?
Vra die Here ernstig om daardie persoon te herstel.
Wanneer God herstel, is dit asof niks gebreek was nie!

# Ons is God se oogappel

**Sagaria 2:8** Die Boodskap: *"Hy sê: Julle is my oogappel. Van al die dinge wat Ek het, is julle die kosbaarste. Wie aan julle vat, vat aan wat vir My belangrik is."*

Die "appel" van 'n mense se oog is baie belangrik. Dit is treffend hoe vinnig kan jou ooglede toegaan om jou oog te beskerm. Net so wil God jou beskerm van enige aanval wat teen jou sou kom.

Dawid het 'n gebed om redding gedoen in Psalm 17. In vers 8 roep hy uit: *"Beskerm my soos die appel van U oog, steek my weg in die skaduwee van U vleuels vir die goddeloses wat my wil oorweldig, die doodsvyande wat my omsingel."*

Hierdie uitdrukking van "Die appel van U oog" wys dat God omgee. God gebruik dit om ons te wys hoe spesiaal en kosbaar ons vir Hom is. Vir Israel het God in die wildernis gesê: Deut. 32:10: *"Die Here het Sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van Sy oog."* Al het Israel God baie teleurgestel, net soos jy en ek, het God hulle en ons nog net so lief. Beteken dit dat ons kan maak net wat ons wil? Natuurlik nie.

Hoor opnuut dat jy kosbaar is vir die Here.
Jy is Sy oogappel – wat beteken dat Hy jou sal beskerm.
God sê in ons teks: *"Wie aan julle vat, vat aan wat vir My belangrik is."*

# Dankbaarheid

**Kolossense 1:3,4** *"Ons dank die God en Vader van ons Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid, omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en julle liefde tot al die heiliges…"*

Die hele brief aan hierdie gemeente is om "Dankbaar" te wees en dank uit te spreek teenoor ander mense. Onthou dit wanneer jy 'n Epos stuur, of 'n WhatsApp. Soos die gemeente van die Kolossense, kan ons ook dankbaar weer omdat God ons uit die mag van die duisternis gebring het in Sy koninkryk. Ons is ook verlos deur Jesus se bloed. (Kol. 1:13,14) Ons is dankbaar dat ons Jesus kan verkondig en poog om elke mense volmaak in Christus voor te stel. (Kol. 1:28)

Ons is dankbaar omdat die skuldbrief teen ons uitgedelg en weggeruim is omdat dit aan die kruis vasgenael is. (Kol. 2:14) Ons is dankbaar omdat die vrede van God in ons harte is – dit is 'n voorreg. (Kol. 2:15)

Wanneer jy jou begeertes aan God bekend maak, sal dit goed wees om te onthou wat geskrywe staan in Fil. 4:6 *"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking <u>met danksegging</u> bekend word by God."* Het jy mooi gehoor? Wanneer jy bid en jou begeertes bekend maak aan die Here moet dit met danksegging gedoen word. Nie met swaarmoedigheid nie – maar met groot dank!

Ons bietjie swaarkry weeg nie op wat vir ons wag nie.
Moenie let op die sigbare dinge nie – let op die onsigbare.
Sigbare dinge is tydelik – die onsigbare ewig. (2 Kor. 4:17,18)

# Om God se wil te ken en te doen

**Filippense 2:12,13** *"Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer."*

Dit is belangrik om God se wil te ken en dit te gehoorsaam. Om dit te doen is dit nodig dat ons eers God persoonlik beter moet ken. Dit vind plaas wanneer jy meer lees in Sy woord, die Bybel. Omdat die lamp van ons liggaam ons oë is, is dit baie belangrik dat ons die regte lig sal toelaat om deur ons oë in ons harte in te kom. Wanneer jou oë na verkeerde goed kyk, sal verkeerde goed inkom, en dit bring dan donkerheid in.

Wat ook nodig is indien jy die Here se wil nastreef, dan moet jy fokus op jou roeping wat jy van die Here ontvang het. Indien jy aanhou om iets anders te doen as wat Hy jou voor geroep het, sal jy God se oorvloedige seën verloor. Leef binne die grense wat die Bybel jou bied. Bó alles, stel jou altyd oop vir insprake deur die Heilige Gees in jou lewe.

Ek weet die Bybel is 'n dik boek, en dit sal nie altyd maklik wees om presies te weet wat die Here van jou verwag nie. Wat jou sal help is om Rom. 8:14 te verstaan en van harte te glo, naamlik: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."* Miskien sal die vertaling uit die Boodskap dit vir jou makliker maak om te verstaan? Dit lees: *"Almal wat hulle deur die Heilige Gees laat lei, is kinders van God. As julle hierdie keuse maak, is julle nie langer slawe van dinge soos angs en vrees nie."*

Lê jouself daarop toe om soos 'n verloste mens te lewe.
Dit is die volkome wil van die Here vir jou lewe.
God sal jou help om Sy wil te verstaan en daarvolgens te leef.

**Die beste lê voor ons!**

**Romeine 8:18** *"Ek is daarvan oortuig dat die lyding (die swaarkry) wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid (die ewige lewe wat vir ons wag) wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie."*

Paulus neem 'n skaal en plaas swaarkry aan die eenkant en dit wat vir ons wag aan die anderkant. Die antwoord wat hy kry is dat wat vir ons wag meer as die moeite werd sal wees – daarom moet ons nie moed opgee nie, maar vasbyt. Ons moet altyd besef dat God die hele tyd met ons is. Want Hy het belowe om ons nooit te verlaat nie, maar ons in Sy hand te hou. (Joh. 10:28)

2 Kor. 4:16,17 in Die Boodskap, pas so treffend by ons Skrif vandag: *"Ons gee nooit moed op nie, ook nie wanneer ons rondgestamp en mishandel word nie. Nee, dan byt ons eers vas, want God is die hele tyd by ons. Hy maak ons elke dag van binne af nuut. Ons bietjie swaarkry hier en nou weeg nie op teen al die goeie dinge wat op ons wag in God se nuwe wêreld nie. Die grootsheid en heerlikheid daarvan sal absoluut oorweldigend wees."*

Wat sou ons gemaak het indien ons nie hierdie soort hoop in ons gehad het nie? Maar loof die Here, alles sal meewerk ten goede vir hulle wat die Here lief het. Dit staan geskrywe in Rom. 8:28 – lees dit weer en glo dit vir jouself en jou gesin.

Hou met oorgawe vas wat jy van die Here ontvang het.
Om moedeloos te word kan nie 'n besluit wees om te neem nie.
God wat jou gered het, sal verseker nie jou hand los nie!

## Paulus se gebed vir die Efesiërs

**Efesiërs 3:16,18** Die Boodskap: *"Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur Sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan…Ek bid ook dat julle, saam met al die ander Christene, sal kan ervaar hoe lief Christus ons regtig het. Sy liefde kan ons nie met woorde beskryf nie: dit is te groot en wonderlik. Geen mens kan dit met sy verstand uitredeneer nie, want dit is baie groter as wat ons as mense is."*

Dit is een van die mooiste gebede in die Bybel. Dit is soos trappe van seëninge. Want op die eerste trap vind ons die krag wat die Heilige Gees aan gee om aan te hou, volgens vers 16. Die tweede trap is liefde, want in vers 17 lees ons: *"Julle lewe sal gebou word op liefde. Deur ander met liefde te behandel sal julle lewens die vastigheid kry wat julle nodig het."*

Die derde trap van hierdie gebed vind ons in vers 19: *"Mag God julle lewens met Sy teenwoordigheid oorspoel sodat daar nie 'n stukkie van julle lewens is wat nie deur God se teenwoordigheid geraak word nie."*

En op die boonste trap is God! Hoor wat staan geskrywe in verse 20,21: *"God is so magtig en sterk. Juis met daardie krag werk Hy ook in ons. Hy kan en het dinge vir ons gedoen waarvan ons nie eers kon droom nie…Almal moet Hom so eer, nou, môre en tot in ewigheid. Mag dit so wees."*

Ai, as ons maar so vir ander kan bid – soos Paulus gebid het! Dank God vir die waarde en krag wat daar is in ons gebede. Daarom lees ons in 2 Thes. 5:18: *"Bid sonder ophou."*

## Net God verander trane na blydskap

**Psalm 30:6** Die Boodskap: *"As Hy (God) kwaad word, is dit net vir 'n paar sekondes. Maar Hy is lewenslank goed vir ons. Kyk maar: ons het deur die nag gehuil. Maar vanmôre lag ons van vreugde. Dis net die Here wat so iets laat gebeur."*

Trane in die Bybel speel 'n belangrike rol veral waar daar geestelike deurbrake gekom het. In hierdie Psalm vertel Dawid hoe hy in die nag gehuil het, terwyl hy na God in angs geroep het. Maar hy vertel ook hoe hy die volgende oggend kon lag van vreugde. Kyk na die sterk verklaring wat hy maak, naamlik: *"Dis net die Here wat so iets laat gebeur."* Net God kan jou trane verander na 'n lag.

In Psalm 51:18 het Dawid uitgeroep, nadat sy sonde bekend geword het: *"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie."* Toe hy met trane en berou God gesoek het, was hy weer geestelik herstel. Psalm 126 se opskrif is: "'n Oes van vreugde uit die tranesaad." In Psalm 126:5,6 lees ons: *"Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra."*

Die bekende prediker in Engeland, Charles Spurgeon, het in 'n preek verwys na die waarde van trane in gebed en dit "Vloeibare Gebede" genoem. In 2 Kon. 20:5 het God koning Hiskia se trane gesien en hom gesond gemaak. In Gen. 33:4 het God twee broers se trane gesien, en hulle versoen.
In Joh. 11:35 lees ons van trane van meegevoel, wat vandag nodig is. Dan in Joël 2:12,13 kry ons trane van bekering.

Dank God, Hy sal nooit iets teen ons hou nie.
Soos Dawid dit stel: "Hy is lewenslank goed vir ons."
Moontlik huil jy noe, maar jy sal weer oorloop van blydskap.

## Blydskap is ons krag

**Filippense 4:4** *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"*

Om jou te verbly beteken dat jy baie tevrede is oor iets en jy wys dit in jou gedrag. Paulus het geweet dat blydskap en krag is aanmekaar verbind. As jy jou blydskap verloor sal jy verseker jou krag verloor. Kol. 1:11 stel dit so duidelik in Die Lewende Bybel: *"Ons bid ook dat Hy deur Sy Goddelike mag vir julle elke keer die krag sal gee om te kan verdra en geduldig te wees en om dit met blydskap te kan doen."*

Paulus bevestig dat wat waar was in die tyd van Nehemia, onder die ou verbond, ook waar is onder die nuwe verbond, naamlik Neh. 8:11 *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."* Blydskap is soos 'n muur om jou wat jou sal beskerm teen elke aanslag wat teen jou kom.

Kyk na mense om jou – veral daar waar jy inkopies doen – dan sal jy min blydskap sien. Hoe baie sien jy mense wat lag? Praat nie eers van jouself of jou geliefdes nie. Kom ons besluit om daaraan te werk, veral in hierdie tye van inperking wat oor die wêreld gekom het, die afgelope jaar. Ons moet ophou om te kla oor die dinge wat die duiwel oor ons mensdom gebring het, en aan God die lof gee vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Vir elkeen van ons het die Here verseker wonders gedoen.

Blydskap word meer indien ons bereid is om daaraan te werk. Kyk weer na ons teks, dan sal jy sien ons moet ook iets doen. Mag God ons laat oorloop van blydskap – daar waar ons woon!

## Jou rekening is tot niet gemaak

**Kolossense 2:14** Die Lewende Bybel: *"Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*

Iemand het dit soos volg gestel: "God is 'n swak boekhouer. Nie alleen betaal Hy die rekeninge van dié wat by Hom in die skuld is nie. Hy vernietig ook alle rekords van hulle wat iets skuldig was. Paulus skryf dat God ons skuldbewyse vernietig het deur dit aan Jesus se kruis vas te spyker. Daarom verwag die Here dat ons moet leef soos mense wat totaal vergewe is."

In Die Boodskap lees Kol. 2:14 soos volg: *"Wat gebeur het, kan ook so gestel word: Ons elkeen het 'n rekening van al ons sonde en 'n rekening moet 'n mens mos betaal…God het egter hierdie rekening met al ons skuld uit ons hande kom vat. Nou staan die skuld nie meer teenoor ons naam nie. Ons rekening hang nou aan die kruis. Jesus wat ook aan die kruis gesterf het, het daardie skuld vir ons betaal."*

Dit bly 'n gevoel van bevryding wanneer jy lank geworstel het om 'n rekening, en veral 'n oortrokke bankrekening, te betaal. Jy voel 'n las het van jou skouers afgeval.
Dieselfde is ons ervaring wanneer jy besef dat jou geestelike skuld volkome deur Jesus Christus betaal is en dat daar geen skuld en veroordeling op jou rus nie.

As God 'n streep deur ons skuld getrek het, bestaan dit nie meer nie.
Kom ons wys deur ons leefwyse dat ons volkome vrygemaak is.
Ek is so dankbaar dat God nooit halwe werk doen nie.

**Here, dat ons kan sien!**

**Markus 8:18** *"Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie?"*

In hierdie gedeelte vind ons dat die Fariseërs met Jesus begin redetwis het en van Hom 'n teken uit die hemel gesoek het. Jesus kon nie verstaan dat hulle nie geglo het toe hulle met hulle oë gesien het hoe daar met vyf brode vir vyfduisend manne kos gegee was en dat daar twaalf mandjies brokstukke opgetel was nie. Praat nie eers van die sewe mandjies vol brokstukke wat later opgetel was nie.

Baie ervaar wonders wat die Here gedoen het, dan vra hulle nog na 'n teken wat Jesus moet doen voordat hulle kan glo? Geen wonder vir die uitlating wat Jesus gemaak het in ons teks nie. Bid saam met my dat mense se geestelike oë sal oopgaan, sodat hulle waarlik kan sien.

Dit is vreeslik om oë te hê, maar nie te sien nie – en ore te hê en nie te hoor nie. Jesus het gesê in Joh. 9:39 dat Hy in hierdie wêreld gekom het sodat die wat nie sien nie, mag sien en die wat sien, blind mag word. In Die Lewende Bybel word genoemde teks soos volg vertaal: *"Jesus sê toe: Ek het na hierdie wêreld toe gekom om 'n skeiding te maak tussen mense. Ek het gekom sodat die wat blind is, kan sien, maar Ek het ook gekom sodat die wat dink hulle sien, blind kan word."*

My gebed is dat God ons oë sal salf met Sy Gees.
Mag ek en jy meer sien as wat ons nog ooit gesien het.
Die grootste waardes is nie in die dinge wat ons sien nie!

## God alleen beskerm ons!

**Psalm 91:1,5,6** *"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige…Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!"*

Die 1983 vertaling: *"Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet…Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag, vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie."*
Die Lewende Bybel: *"'n Mens wat in die allerhoogste God se beskerming is, word selfs snags ook deur die Almagtige bewaar…Dan hoef jy nie bang te wees vir enige gevaar in die nag of dat jy in die dag aangeval sal word nie. Jy hoef nie bang te wees vir 'n aansteeklike siekte in die nag of 'n ramp wat jou oordag kan tref nie."*
Die Boodskap: *"As jy na die allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die almagtige God sal jou bewaar…Jy hoef nie bang te wees dat enige mag jou bedags sal oorrompel nie. Geen bose gees sal jou onverwags in besit neem nie. Nie eens 'n gevaarlike siekte wat jou van agter af bekruip, of 'n epidemie wat jou oorval, sal jou kwaad aandoen nie."*

Psalm 91 is 'n wonderlike Skrifgedeelte, veral in een van die gevaarlikste tye waarin ons as mensdom ons bevind. Daarom sê ek vir mense in ons dorp dat hulle mooi na hulleself moet kyk en beslis moet glo in Psalm 91. As God ons nie help nie, wie kan dit dan vir ons doen?

Sorg dat jy en jou geliefdes onder God se beskerming is.
Ons grootste taak is om nou meer gereeld vir mekaar te bid.
As ons skuil by God, hoef ons vir niks en niemand te vrees nie.

## Bekommernis

**Filippense 4:6** *"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God."*

Bekommernis is een van die sterkste wapens wat die duiwel gebruik om ons as God se kinders kragteloos te maak. Sodoende keer hy jou om nie uit jou finansiële druk te kom nie. Praat nie eers van gesinsprobleme nie. Bekommernis keer jou om te glo dat deur Jesus se wonde daar werklik genesing is vir jou en jou geliefdes.

Het jy geweet dat die meeste mense wat in 'n hospitaal bed lê, daar gekom het weens bekommernis.? Ek het daar gekom vir 'n hart omlyning, nie omdat cholesterol die oorsaak was nie, maar weens jare lange druk en bekommernis – dit was wat die hart spesialis vir my gesê het.

Vir hierdie rede het Jesus geleer in Matt. 6:27,34 *"Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

Bring opnuut jou bekommernis na die voete van Jesus.
Bring ook jou begeertes met gebed en dank na die Here.
Hoe meer jy God sal dank hoe meer verdwyn bekommernis.

## Jy moet dit kan sê

**Psalm 91:1,2** *"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou."*

Dit is goed om Bybeltekste te ken, maar dit is belangrik om dit te sê met jou mond. Want daar staan geskrywe in Rom. 10:8,10 *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van geloof wat ons verkondig…want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*

Waar moet geloof wees? Dit moet in jou hart wees maar dit moet ook in jou mond wees. Hierdie is 'n groot waarheid wat ons nie moet vergeet nie. Volgens 2 Kor. 4:13 het ons ook dieselfde Gees van geloof. Indien ons met ons hart glo, moet ons dit ook met ons mond uitspreek. Moenie dit net in jou hart hou nie – sê dit!

Verstaan jy mooi? Moenie net met jou hart glo dat God jou toevlug en bergvesting is op wie jy vertrou nie – sê dit ook met jou mond! Hierdie geld vir enige waarheid in die Bybel. Enige belofte in die Bybel moet jy glo, maar wys dat jy dit glo deur dit met jou mond uit te spreek.

As daar ooit 'n tyd was dat God ons toevlug was, is dit nou.
Jy en jou geliefdes kan veilig skuil in die Ewige Rots – Jesus.
Laat jou mond vertel wat jou hart glo!

## Wees sterk en vol moed!

**2 Kronieke 32:7** *"Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik vanweë die koning van Assirië of vanweë die hele menigte wat saam met hom is nie, want by ons is meer as by hom."*

Hierdie was die boodskap, wat God gestuur deur die profeet, om Juda moed te gee teen die Assiriërs toe hulle beleër was deur 'n oormag van soldate wat gekom het om Jerusalem en sy inwoners te vernietig.

Die wêreldwye pandemie, wat ons tans beleef, wil die duiwel gebruik om die wêreld te vernietig. Maar dank God dat Hy ons toevlug en beskerming is. Vir hierdie rede sê ek vir hulle wat ek in die publiek sien dat hulle moet mooi kyk na hulleself en glo in Psalm 91, want God is ons ware toevlug en beskerming. (Lees weer Psalm 91)

Dit is wonderlik om te weet dat 1 Joh. 4:4 waar is, naamlik dat Hy wat in ons is, is baie groter as hy wat in die wêreld is. Smith Wigglesworth het gesê: *"I am bigger on the inside than on the outside."* Hy was 'n kragtige prediker in Engeland, en het 'n hele paar dooies opgewek. Wigglesworth was 'n loodgieter wat nie kon lees nie. In die begin van sy bediening moes sy vrou die Bybel lees voordat hy gepreek het.

Waarom sal ons vrees as ons weet God is met ons?
Glo dat by jou meer is as by die siele-vyand, wat jou aanval.
Praat met jouself, en sê dat God met jou is – en glo dit!

# Is jy Geregverdig?

**Psalm 92:13** *"Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon."*

Eers die vraag: Wat beteken die woord "Geregverdig"? Ek kan dit makliker aan jou verduidelik deur die woord in Engels te gebruik. Dit is "Righteousness" en beteken letterlik "to be in the right standing with God." As jy in die regte verhouding met God leef, dan is jy geregverdig.

Kan jy sê dat jy geregverdig is? Wat sê jy, deur dit te sê? Nie dat jy beter is as ander mense nie, maar dat die Here iets spesiaal vir jou gedoen het. Nie op grond van wat jy gedoen het nie, maar wat God vir jou gedoen het. Ek deel 'n paar Skrifte met jou sodat jy sal verstaan wat die Here vir jou gedoen het, en wat jou voorregte as 'n regverdige is.

Spreuke 11:10 *"Oor die voorspoed van die regverdiges jubel 'n stad."*
Spreuke 11:21 *"Die geslag van regverdiges raak vry."*
Psalm 37:25 *"Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie."*
Psalm 37:29 *"Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon."*
Psalm 146:8 *"Die Here het die regverdige lief."*
1 Pet. 3:12 *"Want die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed."*
Psalm 5:13 *"Want U seën die regverdige, o Here, U omring hom met welbehae soos met 'n skild."*

Geniet die voorregte as iemand wat God geregverdig het.
*"Al die mense van 'n stad is bly as dit met 'n eerlike mens goed gaan."*
(Spreuke 11:10 in Die Lewende Bybel)
'n Eerlike mens is iemand wat in 'n verhouding met God leef.

**Jesus die hoof – ons die voete.**

**Handelinge 2:34,35** "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete."

Die Boodskap vertaal ons Skrif met: "Dawid vertel in een van sy Psalms hoe God met die Messias praat. God het vir Hom gesê: Sit hier langs My. Dit is die belangrikste plek in die hemel. Sit hier totdat Ek al jou vyande onder jou voete vertrap het."

Ek weet wie uiteindelik sal wen – Jesus en nie die duiwel nie. Jesus sit nou langs Sy Vader en die siele-vyand, met al sy bose magte, se tyd is naby om vertrap te word onder die voete van Jesus Christus!

Jesus is die hoof van die Kerk en ons is die voete. Jy en ek het die mag en die gesag om te trap op al die krag van die bose. (Lukas 10:19) Jesus se opdrag aan ons was in Mark. 16:15-18 om duiwels uit te dryf en vir siekes te bid dat hulle gesond word.

Indien ek Efesiërs 1:19-23 reg verstaan, vind ek dat Paulus ons leer dat Jesus die hoof is en dat alles wat 'n naam het onder Sy voete gesit kan word. Lees hierdie Skrifgedeelte totdat jy dit ten volle verstaan. Gee dan jou probleem 'n naam en sit dit onder jou voete. Daarna kan jy gesag daaroor neem in Jesus se Naam.

Dank God, in Hom is ons meer as oorwinnaars.
Maak seker dat jy weet wat jou posisie in Christus is.
Omdat jy in Hom is het jy geen veroordeling nie. (Rom. 8:1)

## Word jy gelei deur die Heilige Gees?

**1 Korintiërs 2:14** *"Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word."*

Oral is daar radiogolwe wat in die lug rondgestuur word. Maar wat help hierdie golwe as jy nie 'n radio het om dit mee op te vang nie? Net so is iemand wat nie die Gees van God het nie. Hy of sy sal nie die geestelike dinge van God verstaan nie.

Indien iemand net op 'n menslike vlak bly dink en alleenlik glo wat menslik verklaar kan word, sal dit moeilik wees om die geestelike dinge te ervaar. Iemand wat die Heilige Gees in sy lewe het, sal sensitief wees om te verstaan wat God aan hom wil duidelik maak.

Rom. 8:5,8 sê: *"Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge; maar die wat geestelik is, geestelike dinge…En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie…"* Dit is dus belangrik dat ons vernuwe moet word in ons gemoed. Ondersoek jouself want net jy sal weet of die vleeslike dinge vir jou meer waarde het as die geestelike dinge – en wees eerlik met jouself.

Hierdie pandemie sal ons net kan oorwin deur die Gees.
Ons is dankbaar vir alle mediese hulp wat ons kan kry.
Die Gees wat Jesus opgewek het, sal ons help om te oorwin.

**Wil jy suksesvol wees?**

**2 Kronieke 26:5,15** Die Boodskap: "Sagaria het vir Ussia baie van God geleer. So lank as wat Ussia die Here gedien het, het God aan hom sukses gegee…Ussia het wyd en syd bekend geword. Deur God se goedheid het hy baie magtig geword."

Ussia het baie sukses gehad, omdat hy God gedien het. Net om 'n paar van sy hulle te noem: Hy het die Filistyne verslaan en stede gebou. Die Ammoniete het aan hom belasting betaal. Hy het torings in Jerusalem gebou. Hy het baie vee gehad. Hy het 'n baie groot leër gehad. Hy het iets ontwerp wat pyle en groot klippe na die vyand kon skiet. (verse 6 tot 15)

Ongelukkig was daar 'n "maar" in Ussia se lewe. Want ons lees in vers 16: "Maar toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig, sodat hy baie verkeerd gedoen en ontrou gehandel het teen die Here sy God…" Sy sonde was dat hy in die tempel gegaan het om te offer op die reukaltaar. Dit was net wat priester kon doen. Omdat hy dit gedoen het, het hy melaats geword tot die dag van sy dood. (verse 16-21)

Die les om te leer is dat as ons God dien, sal Hy ons met sukses bekroon. Maar as ons Hom verlaat beweeg ons uit onder Sy beskerming. Besluit opnuut dat jy God sal dien met jou hele hart – en waardeer dan enige sukses wat Hy jou gee.

Ken Hom in al jou weë en Hy sal jou paaie gelykmaak.
Geniet jou in die Here en hy sal gee wat jy begeer.
Stel God se koninkryk eerste – doen wat vir Hom belangrik is.

## Rig jou oë op die onsigbare

**2 Korintiërs 4:17,18** *"Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."*

Vir ons as mens is die dinge wat ons kan sien gewoonlik die belangrikste. Maar dit moet eintlik nie so wees nie, want die onsigbare dinge is meer belangrik as dit wat ons kan sien. Dit sal alleenlik gebeur as ons onsself daarin kan oefen om ons oë te vestig op dit wat meer belangrik is as net wat gesien kan word.

Ons oë is die venster waardeur alles wat ons sien ingang vind na ons denke en ons gemoed. Jesus het gesê dat die lamp van die liggaam is die oog en as jou oog reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Die Lewende Bybel sê: *"As jy op die regte manier na dinge kyk, sal jou lewe helder verlig wees. Maar as jy op 'n verkeerde manier na dinge kyk, sal jou hele lewe donker wees."* (Matt. 6:22.23)

Skep moed want al vergaan jou uiterlike mens, moet jy sorg dat jou innerlike mens daagliks versterk word. Dit doen jy deur die lees van jou Bybel en gesprek met God. Gebed is die sterkste wapen wat jy kan gebruik teen enige onsigbare vyand. Neem kennis dat die sigbare dinge is tydelik (dit sal verbygaan) maar die onsigbare dinge is ewig.

Jy het die mag om te kyk waar jy moet kyk.
Draai jou oë weg (of sluit dit) indien jy nie moet kyk nie.
Mag God ons help om ons oë te rig op die Here se dinge.

## Swaarkry vorm ons karakter

**Romeine 5:3-6** Die Boodskap: *"Al kry ons nou baie swaar, vat dit glad nie ons blydskap weg nie. Allesbehalwe. Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou. En wanneer ons onverskrokke op God vertrou, help dit ons om 'n sterk Christelike karakter te vorm. En 'n sterk Christelike karakter maak dat ons deur dik en dun glo dat God se nuwe wêreld op ons wag. Wanneer ons al ons hoop op God stel, sal ons nooit teleurgesteld wees nie. Want Hy vul ons lewens elke dag met Sy liefde. Dit doen Hy deur die Heilige Gees wat by ons bly."*

Die karakter van 'n persoon is die kwaliteite wat hy het om hom te maak wie hy is. Wanneer jy sê iemand het karakter, dan sê jy eintlik dat daardie persoon het die vermoë om effektief te deel met 'n moeilike en selfs gevaarlike situasie.

Swaarkry vorm ons verseker om nog meer op God te vertrou. Ons wil graag net blydskap en seëninge beleef, maar dit is nie wat ons altyd ondervind nie. God wil sien dat ons 'n sterk Christelike karakter sal hê – want dit maak dat ons deur dik en dun sal glo in God en al ons hoop op Hom sal stel. Die Heilige Gees, wat ons van God ontvang het, sal ons hierin help.

As daar een persoon is wat baie swaar gekry het, was dit Paulus. Lees gerus weer wat hy alles moes deurgemaak het in 2 Kor. 11:24-28. Gelukkig skryf Paulus soos volg in 2 Kor. 4:8 *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie…Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."* (Die Boodskap)

Swaarkry moenie jou blydskap kan wegvat nie.
Laat toe dat dit jou vorm om meer op God te vertrou.
Wees soos Paulus om elke keer weer op te staan!

## Die Here sorg vir my

**Psalm 23:1-3** Die Boodskap: *"Die Here sorg vir my soos 'n herder wat sy skape oppas; ek het niks meer nodig nie. Hy gee my die heel beste van alles: kos, veiligheid en vrede. Omdat die Here by my is, bekommer ek my nie. Wanneer ek moedeloos word, laat Hy my die lewe anders sien. Hy gee my die krag om elke dag reg te lewe."*

God sorg vir ons, en Hy gee ons altyd net die beste. Hy gee ons kos, veiligheid en vrede – is dit nie wonderlik nie? Wanneer ek moedeloos word dan laat Hy my die lewe anders sien. Dit is 'n voorreg om so 'n God te ken en te dien.

Ek wil jou vra om weer na te dink oor hoe die Here al vir jou en jou geliefdes gesorg het. Miskien het jy in jou Bybel notas gemaak met 'n datum daarby? Ons het ook in ons Bybel aangeteken waar die Here vir ons beloftes gegee het – en hoe dit waar geword het. Ons moet nooit vergeet wat God vir ons gedoen het nie.

God sal sorg dat jou behoeftes vervul word. (Fil. 4:19) Sy hand is nie te kort om jou te help nie, en Sy oor sal luister as jy na Hom in nood roep. (Jes. 59:1) Natuurlik is ons dankbaar vir die versorging wat medies aan mense gegee word, maar ons besef dat dit die Here is wat die beste versorging kan gee, omdat Hy die Groot Geneesheer is.

Sê dit: "Die Here sorg vir my." En glo dit met jou hele hart.
Sê ook soos Dawid dat die Here jou persoonlike Herder is.
As jy moedeloos wil word, laat Hy jou die lewe anders sien.

## Is God ook jou Pa?

**Romeine 8:15** *"Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba Vader."*

Sommige sal dink jy moenie na God verwys as jou "Pa" nie. Maar volgens ons teks kan jy dit doen. Die Griekse woord vir "Abba" is "Pappa" en dit is 'n woord wat gebruik word om te wys hoe naby jy aan jou hemelse Vader gekom het. Jy sal nie on respekvol teenoor God optree as jy Hom jou Pa noem nie.

Vir Petrus was God ook sy "Abba Vader". Ons lees in 1 Petrus 1:17 *"Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"As julle Hom dan aanbid en Hom julle Vader noem, moet julle ook eerbied vir Hom hê in alles wat julle doen in die tydjie wat julle hier op aarde sal wees."*

Jou "Hemelse Pa" is nie vêr weg van jou nie. Soms as ek luister hoe mense bid dan klink dit of God amper onbereikbaar is vir hulle. Dit moet nie so wees vir ons nie. Natuurlik moet ons groot respek vir God hê, maar aan die anderkant moet ons weet Hy is naby elkeen van ons. Met dit in gedagte moet ons lewe op aarde.

Gebed is om met jou Vader openhartig te praat.
God sien so uit dat ons daagliks met Hom sal praat.
Gesels meer met jou Hemelse Vader as ooit tevore.

## ‘n Boodskap aan God se Gesalfde

**1 Kronieke 14:8** *"Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor die hele Israel gesalf was, het al die Filistyne opgetrek om Dawid te soek. Toe Dawid dit hoor, het hy teen hulle opgetrek."*

Ons vyand, die duiwel, hou glad nie daarvan as God ons salf nie. Neem kennis van hierdie waarheid. Soos wat Dawid gesalf was as koning, het God ons ook gesalf met Sy Gees. Ons lees in 1 Joh. 2:20,27 *"En julle het die salwing van die Heilige…En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle…"*

As gesalfde het Dawid ‘n voorbeeld gestel toe die Filistyne teen hom opgetrek het. Ons kan leer by Dawid. Elke keer het hy God gevra wat moet hy doen om die Filistyne te verslaan. Lees met aandag verse 10-17. Ek geniet dit wanneer ek lees, toe Dawid gesê het in vers 11: *"God het deur my hand deur die vyande gebreek soos water deurbreek…"* Dit is presies wat God vir jou wil doen as jy Hom vertrou in elke geveg teen die vyand wat sou waag om jou, en jou geliefdes, aan te val.

Neem kennis dat Dawid nie elke keer opgetree het, soos die vorige keer, om sy vyand te verslaan nie. Dawid het net gedoen wat God vir hom gesê het om te doen. In vers 16 staan geskrywe: *"En Dawid het gedoen soos God hom beveel het…"* Ai, as ons maar net wil luister en doen wat God sê, sal ons verseker wees van ons oorwinnings.

Maak net altyd seker dat jy God se gesalfde is.
Luister met aandag en doen net wat God vir jou sê.
Mag jou deurbraak kom soos water wat deurbreek.

# Vergifnis

**Efesiërs 4:32** *"Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het."*

Die Boodskap: *"Behandel mekaar mooi en goed. Laat dit vir ander lekker wees om by julle te wees. Sien mekaar se foute oor net soos God julle foute oorgesien het omdat julle Jesus s'n is."*

Wanneer dit so droog is in ons land en damme leeg is, is ons dankbaar as dit reën. Dit is dan dat die vertaling in 'The Living Bible' vir my so uitstaande is: *"For the rains He sends are tokens of forgiveness."* (Joel 2:23) Onthou hierdie waarheid oor vergifnis elke keer as dit reën.

Vergifnis bly een van die sterkste boodskappe in die Bybel. Waar vergifnis plaasvind word huwelike herstel, groei gemeentes geestelik en in getalle, bereik besighede die hoogste plafonne, kom oorloë tot 'n einde – en so kan ons aanvul op hierdie lys.

Iemand het dit soos volg gestel: "Remember, when you forgive, you heal. And when you let go, you grow." Dit is wonderlik, want wanneer jy vergewe vind daar genesing plaas in jouself. En wanneer jy "laat gaan" sal jy verseker geestelik groei.

Die meeste mense kry swaar om te sê dat hulle jammer is. Terwyl dit die maklikste ding moet wees vir elkeen om te doen. Vergewe soos Christus – Hy vergewe en dink nie weer daaraan nie.

## Doen alles deur liefde

**Romeine 12:9** Die Lewende Bybel: *"Ons liefde moet eg wees, sonder toneelspel. Julle moet alles haat wat verkeerd is, maar vashou aan wat goed is. Julle moet mekaar hartlik liefhê soos broers; die een moet vir die ander respek hê."*

Wat beteken dit om lief te hê? Om hierdie vraag te beantwoord vind ek dat die Bybel wat dit die beste vir my vertaal is Die Lewende Bybel. 1 Kor. 13: 4-7: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie…As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."*

Dit is wonderlik as ons iets doen en weet dat dit die liefde van die Here is wat ons dring om dit te doen. Die dryfkrag in ons moet altyd God se liefde wees. Dit is ook net God se liefde in ons harte wat ons sal help om wat verkeerd is in iemand se lewe te bedek en nie bloot te stel aan almal om daarvan te weet nie. (1 Pet. 4:8)

Dank God dat Sy liefde in ons sal alle vrees uitdryf. As jy vrees gewaar in jou, vra die Here om jou opnuutte vul met Sy liefde. Elke keer as jy 'n woord aan iemand wil bring maak seker dat dit 'n woord is van stigting, troos, en van bemoediging – dit sal jy doen as jy waarlik liefhet. (1 Kor. 14:3)

Sing dit: *"O, stort dit uit in my siel, die liefde van Immanuel."*
Bid ook vir hierdie kwaliteite opgeteken in 1 Kor. 13:4-7.
Wat jy ook al doen, doen dit deur die liefde in jou hart.

## Uitgedelg en Weggeruim

**Kolossense 2:13,14** *"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle misdade vergeef het en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael..."*

Die woord wat dikwels in die Ou Testament gebruik word, is "Bedek" wanneer verwys word na sondes wat vergewe is. In die Nuwe Testament word die woord "Weggeruim" gebruik. Dit meen ons sondes is nie net bedek nie, maar totaal uitgewis en bestaan nie meer nie. Jesus het ons sondes van ons so ver verwyder soos wat die ooste is van die weste en Hy dink nie meer daaraan nie. (Ps. 103:12)

Die dag toe jy Jesus koning van jou lewe gemaak het, het Hy jou sondes nie net bedek nie, maar skoongewas asof dit nooit bestaan het nie. Dit is ook hoe ek dit verstaan, veral as ek die volgende lees in 2 Kor. 5:21 *"As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* (Die Boodskap)

Moenie sê jy is maar net 'n arme sondaar, gered deur Sy genade nie. Want jy is nie. Jy was 'n sondaar, en sovêr dit God aangaan, is jou verkeerde verlede vergete. Dit is alles vasgenael aan die kruis van Golgota.

Wees dankbaar as jou sondes uitgedelg en weggeruim is.
Besluit om iemand te help om ook dit te kan vertel.
Jy wat 'n nuwe skepsel is – leef dit voluit!

**Die krag van geloof in God.**

**Hebreërs 11:30,31** *"Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het. Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met die wat aan God ongehoorsaam was nie."*

Om te dink dat 'n prostituut, Ragab, se naam genoem word saam met geloofshelde! Al kom iemand uit die laagste vlak van die samelewing sal geloof in God soos 'n reddingstou vir daardie persoon wees. Ragab was nie beter as enige persoon in die stad van Jerigo nie, maar sy het geglo in Israel se God. Ragab het haar huis erkenbaar gemaak deur 'n rooi tou wat by haar venster uitgehang het. (Josua 2:18) Is jou huis erkenbaar as 'n plek waar die Here woon en is daar vrede in jou huis?

Omdat Israel in God geglo het, het hulle om Jerigo geloop soos wat God van hulle verwag het. Hulle geloof en gehoorsaamheid aan die Here was beloon toe die mure van Jerigo geval het. Omdat Ragab in die God van Israel geglo het, het Joshua die stad Jerigo verwoes maar nie Rabab se huis nie. Sy is in Israel verwelkom en haar familie was gered omdat sy in God geglo het. God doen onmoontlike dinge vir die een wat kan glo.

Jy het tot hiertoe in God geglo – moenie ophou daarmee nie.
Geloof in God sal jou en jou huis beskerm teen gevare.
Daarom moet jy glo in die beloftes opgeteken in Psalm 91.

## Moenie jou vrymoedigheid verloor nie

**Hebreërs 4:16** *"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*

Vrymoedigheid beteken nie om skaam te wees nie, maar om openhartig en reguit te wees. 'The Collins Dictionary' sê: *"Someone who is bold is not shy or embarrassed."* Ek het altyd gedink dat indien jy iets nodig het vra jy net vir die Here – maar is dit korrek? Vandag glo ek dat jy eerste die Here moet vra wanneer jy iets nodig het, maar dat jy ook jou behoefte aan iemand bekend kan maak. Veral as jy in die regte verhouding met daardie persoon staan. Jy moet net oplet in watter gesindheid vra jy.

Ek deel nog 'n mooi teks met jou oor vrymoedigheid, naamlik Heb. 10:35 *"Werp dan julle vrymoedigheid, wat ''n groot beloning het, nie weg nie."* Die Boodskap vertaal dit met: *"Moet dus nie toelaat dat daar 'n krakie in julle vertroue op God kom nie. Wie op God bly vertrou, sal 'n groot beloning by Hom kry."*

Neem kennis! Jy sal 'n beloning kry as jy vrymoedigheid kan beoefen. Sorg net dat die Here tevrede is hoe jy optree. Om vrymoedig te wees of om impulsief te wees, is iets wat baie na aan mekaar staan. Omdat ek 'n persoon is wat vinnig 'n besluit kan neem, moet ek versigtig wees dat ek nie impulsief optree nie. Baie mense wag weer te lank om op te tree, en as gevolg daarvan mis hulle mooi dinge in hulle lewe.

Ons mag moontlik verskil in wat ek probeer verduidelik het?
Ek moedig jou aan – verloor nie jou vrymoedigheid nie.
Mag jy die beloning, wat God jou belowe, nie misloop nie.

## Harmonie in die gesin

**Filippense 2:3,4** *"Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n."*

Het jy geweet dat hierdie Skrifgedeelte vandag is van toepassing op julle as familie? Ons is gewoonlik bedagsaam teenoor ander mense, soms meer as teenoor ons eie gesin. Teenoor jou eie mense, wat soms in dieselfde huis is, tree ons baie keer op met selfsug asof die gewone reëls van ordentlikheid nie daar tel nie.

Ons tree meer beleefd op teenoor ons vriende en ook selfs teenoor vreemde mense. Dit behoort nie so te wees nie, want een ding moet ons najaag en dit is dat Jesus se gesindheid in ons sal wees, soos wat ons lees in Fil. 2:5 *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*

Onenigheid is iets dodeliks! Dit verlam God se krag in jou lewe en jou verhouding met mense. Moenie die vyand toegang gee in jou huis en in jou gesin nie. Sit die krag van harmonie in jou huisgesin aan die werk. Jy sal dit reg kry indien jy ons teks verstaan en toepas. Verwyder selfsug en eie eer en ag ander hoër as jouself, terwyl jy ook omsien na die belange van hulle om jou.

Ek is so bly dat God nog werk aan elkeen van ons.
Ook is ek dankbaar dat Sy genade groot is oor ons.
Bid en werk ernstig aan die harmonie in julle as gesin.

## Wanneer benoudheid wil toesak

**Psalm 43:5** *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God!"*

In Psalm 42 en 43 is dit die derde keer dat die Psalmdigter presies dieselfde uitroep. Dit is duidelik dat hy baie benoud was en besluit het om homself aan te spreek om hierdie neerslagtigheid te oorwin. Vir sy eie siel sê hy dat hy nie onrustig moet wees nie, maar op God vertrou.

Die Boodskap vertaal ons teks soos volg: *"Ek sê vir myself: Moenie nou moedeloos word nie. Waarom so hartseer? Vertrou net op God. Ek gaan Hom nog loof, al kry ek swaar. Dit is Hy wat my uit my swaarkry red. Hy is my God." (Sien, jy moet dit sê.)*

Miskien is jy op 'n plek dat daar spanning en onsekerheid is in jou siel? Ander kan vir jou bid en seker baie goeie raad gee, maar hoekom volg jy nie die voorbeeld van die Psalmdigter nie? Weet dat jy altyd jou hoop op God kan stel – Hy is die een wat jou nuwe hoop en verwagting sal gee. Moenie sommer net oorgee nie.

Ek gee jou goeie raad. Sê die volgende hoorbaar:
*"Ek is losgekoop, vrygespreek, nuutgemaak, afgestof, afgewas, gevul met Sy Gees, heelgemaak.*
*Ek besit God se liefde en is deel van God se mense.*
*Ek vrees nie en sal stil wees, want God stry vir my.* (Ex. 14:14)

**Slegte dinge wat met ons gebeur.**

**Jakobus 1:2-4** Die Boodskap: *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef. Julle moet die Here toelaat om julle deur hierdie dinge te leer wat dit beteken om altyd op Hom te vertrou, kom wat wil. So sal julle geestelike grootmense word wat weet hoe om in elke situasie reg op te tree."*

Jakobus staan bekend as die praktiese gelowige. Hy was ook die leier van die eerste kerk in Jerusalem. In ons teks leer Jakobus dat ons in moeilike omstandighede nog steeds God moet loof. Ons moet selfs "opgewonde" raak as ons geloof getoets sou word.

Beproewinge bring geduld na vore, maar dit bring ook self-bejammering, trotsheid en woede. As kind van God gebeur daar soms dinge met ons wat ons glad nie verstaan nie. Die waarheid is dat slegte dinge kom klop soms aan die deur van goeie mense. En wanneer ek praat van "goeie mense" meen ek mense wat opreg is in hulle geloof in die Here. Jakobus se boodskap aan ons is: *"Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou."*

Die belangrike les wat ons moet leer is dat die Here werk aan ons volwassenheid as Sy kind. Ons is elke dag in 'n leerskool – en baie keer is die "eksamens" wat ons moet skryf nie so maklik nie.

Mag God aan jou Sy krag en sterkte gee vir elke dag.
Jy sal deur die "slegte dinge" kom – hou net baie moed.
Deur alles moet jy jou blydskap in die Here nie verloor nie.

## Laat alles wat asem haal, die Here prys

**Psalm 150:1,6** *"Prys die Here! Prys God in Sy heiligdom, prys Hom hier onder Sy magtige hemelgewelf!...Laat alles wat asem haal, die Here prys!"*

Ons hoofdoel van ons bestaan is om lof en prys aan die Here te gee. Daarom sê ons teks dat alles wat asem haal, die Here moet prys. Jy en ek haal asem, daarom moet ons God prys. Ons prys Hom omdat Hy God is. Ons prys Hom omdat Hy al wonders vir ons gedoen het. As jy my vra om lof en prys aan God te verklaar, sal ek dit soos volg opsom: *"Lofprysing is om die voortreflikhede van God uit te spreek. Om die hoedanighede van God op te hemel en te prys!"*

Geen bediening of funksie in die gemeente, moet belangriker wees as dat ons God moet prys en aanbid nie. Ons moet nie net kerktoe gaan en deelneem aan 'n ritueel nie. God soek ware aanbidders wat Hom in Gees en in Waarheid sal aanbid.

Jesus het gesê in Joh. 4:23 *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid."* Die woord "Aanbidder" beteken "hartstogtelike vereerder." Ek glo ek praat met iemand wat God wil vereer met jou hele hart – daarom wil jy Hom aanbid?

Dit is duidelik dat God lofprysers en aanbidders soek.
Indien iemand na iets soek, dan het Hy 'n behoefte daarvoor.
Aanbidding is as alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is.

## Daar is krag in God se Woord.

**Psalm 119:11** *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."* Die Lewende Bybel: *"Diep in my hart hou ek U woorde sodat ek nie teen U sonde sal doen nie."* Die Boodskap: *"Moet asseblief nie dat ek U wonderlike pad misloop en begin sonde doen nie. U Woord is diep in die brandkluis van my hart weggebêre. Dit keer dat ek dinge doen waarvan U niks hou nie."*

God se Woord is kragtig en sterk genoeg om jou te help om enige sonde te oorwin. Indien jy sou toelaat dat die Here se Woord jou hart sal vul.

Kenneth Copeland, 'n wêreld bekende televisie prediker, skryf die volgende in sy boek "Geloof tot Geloof" hoe God se Woord hom oorwinning gegee het: *"Toe ek 'n Christen geword het, was ek in die kloue van 'n lelike rookgewoonte. Ek het op elke denkbare manier probeer om op te hou rook, maar niks het gewerk nie. Ek het besluit om 'n diens van Hilton Sutton by te woon. Tot in daardie stadium het ek nie veel van die Woord geweet nie, en het ek geen blootstelling aan God se krag gehad nie. Onder kragtige prediking van God se Woord het my begeertes verander. Vir die eerste keer in my lewe het die Skrif vir my lewendig geword. Ná die byeenkoms, toe ek huis toe gery het, het ek ontslae geraak van die sigarette wat ek in my motor gehad het. Wat het gebeur? Die Woord het daardie dag tussen my en my begeerte om te rook ingekom. Die Woord het my bemagtig om my vlees te dissiplineer."*

Toe Israel uitgetrek het uit Egipte, het hulle oorvloed gehad en was hulle gesond. (Psalm 105:37) Lees ook Psalm 107:20.
God se Woord kan jou genees en red uit enige benoudheid.

Lees gereeld jou Bybel en glo in elke belofte daarin.
Die Here is wakker om Sy Woord waar te maak in jou lewe.
Laat toe dat Sy Woord ook werk in jou lewe.

# Wat is ons opdrag?

**Matthéüs 4:23** *"En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en kwaal onder die volk genees."*

Was dit net Jesus se opdrag om mense te leer, om die evangelie te verkondig en om vir mense te bid vir genesing? Is dit nie ook ons opdrag nie?

Het jy al ooit gewonder of die Here jou ook kan gebruik om te leer, te preek en om vir siekes te bid? Moenie meer wonder nie – dit is jou opdrag – besluit om dit te doen! En die Bybel sê dat wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag.

In Joh. 14:12 het Jesus gesê: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit…"* Verder het Jesus ook gesê met Sy hemelvaart in Markus 16:17,18: *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf…op siekes die hande lê, en hulle sal gesond word."* Lees selfs wat beloof is in hierdie verse.

Dit is nie 'n moeilike ding om vir iemand te bid nie. Moenie net sê jy sal aan daardie persoon dink nie. Hoekom doen jy dit nie dadelik nie? Jy kan selfs oor die foon bid. Moenie dinge vir jouself ingewikkeld maak nie, al wat jy moet doen is om 'n baie eenvoudige gebed te bid. Hoe meer jy jouself daarin oefen, hoe makliker sal dit raak om dit te doen. Daar is iemand wat net wag dat jy gehoorsaam sal wees. En wanneer die Here jou gebed beantwoord het wees net nederig dankbaar.

Wees jy net die Here se hand wat uitreik na ander.
Die nood van mense is meer as wat jy ooit kan dink.
Stel jouself tot beskikking van God, want Hy wil jou gebruik.

# God se Woord is lewend en kragtig.

**Hebreërs 4:12** "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge van die hart."

Volgens ons teks het God se Woord krag om die diepste dele van ons lewe te bereik. Dit het selfs die vermoë om siel en gees te skei, wat nie maklik geskei kan word nie. Miskien sal ons dit beter verstaan, wanneer ons teks gelees word in Die Boodskap: *"Wat God sê is nie, maar net dooie woorde nie. Nee, wat Hy sê, gebeur en daar is geen keer aan nie. Sy woorde is ook nie oppervlakkig nie. Soos 'n skerp mes diep kan sny, <u>so sny dit wat God sê tot diep binne jou</u>..."*

Wat so wonderlik is van God se Woord is dit kan ook in die diepste dele van ons liggaam inwerk en genesing bewerk. Ek het eendag na 'n professor geluister wat verduidelik het dat God genesing in ons liggame ingebou het. Enige medikasie wat ons gebruik, dra by om die genesing wat in ons is aan te help.

Daar was 'n dame in ons gemeente wat een nag baie siek was, maar sy wou my nie pla nie. Sy was kinderlik genoeg om die Bybel oop te maak by Psalm 91 en nadat sy dit gelees het, het sy die oop Bybel (wat oop was op Psalm 91) op haar bors geplaas en geglo vir haar genesing. Sy het rustig aan die slaap geraak en was gesond die volgende oggend. Kan jy sien, daar is krag in God se Woord – maar dan moet ons dit glo.

Kom ons raak weer kinderlik om die beloftes in die Bybel te glo. Ons het voorheen gesing: *"Elke belofte in die Woord is myn..."* Dink aan die getuienisse wat jy het rakende God se Woord.

## Hoekom word ons toegerus?

**Matteus 10:1,5** Die Boodskap: *"Daarna roep Jesus sy twaalf dissipels eenkant toe…Jesus het vir hulle die nodige toerusting gegee, naamlik die mag om bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap, om siekes gesond te maak, en om mense te help wat op die een of ander manier deur die lewe gekneus is."*

Ek is dankbaar dat gemeentes baie aandag gee om hulle mense toe te rus vir diens. Aan die anderkant sou ek wou sien dat elkeen van hierdie lidmate, wat toegerus is, gebruik sal word. My passie was om, volgens Efesiërs 4:11-16, gelowiges toe te rus sodat hulle meer effektief in hul roeping sou wees. Maar hulle moes gebruik word.

Ons Skrifgedeelte in Matt. 10:1,5 vat dit mooi saam – toe Jesus Sy dissipels geroep het om vir Hom te gaan werk. Die nodige toerusting wat Jesus Sy dissipels gegee het was gesag om *"bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap"* en om te bid dat siekes gesond sal word. Dan hou ek van die woorde wat sê: *"en om mense te help wat op een of ander manier deur die lewe gekneus is."*

Die vraag: Op watter manier was jy al gebruik om op te tree teen die bose wat mense "deurmekaarkrap"? Bid jy ook graag vir mense wat siek is? Net God kan hierdie wêreld verlos van al die bose aanslae. Hy het bidders nodig!

Pas jouself op – maar bid ernstig vir hulle wat siek is.
Sorg dat jy nooit agter raak wat jou toerusting betref nie.
Asseblief! Wees daar vir hulle wat deur die lewe gekneus is.

## Egte vriendskap

**Spreuke 20:6** Die Boodskap: *"Egte vriendskap is skaars. Baie sê hulle is jou vriend, maar min sal jou deur dik en dun ondersteun."*

Dit is Salomo wat Spreuke geskryf het. Hy word gereken as die slimste man wat ooit geleef het. Hy het 3000 Spreuke uitgespreek en 1005 liedere gekomponeer. Ons lees daarvan in 1 Kon. 4:32. *"En hy (Salomo) het drieduisend spreuke uitgespreek en sy liedere was duisend-en-vyf."*

Salomo het verskillende amptenare gehad soos: Priesters; Skrywers; 'n Kanselier asook 'n dapper vegsman as hoof van sy leër; daarby was daar iemand wat hoof was oor al sy bestuurders in sy koninkryk. Tog het hy 'n vriend nodig gehad, soos wat ons lees in 1 Konings 4:5.

Ons almal het ’n vriend (of vriendin) nodig. Daar is ’n groot waarheid in ons teks, naamlik: *"Egte vriendskap is skaars."* Indien jy gelukkig is om ’n vriend (en selfs meer as een) te hê ag jouself geseënd en waardeer dat jy dit kan sê. Psalm 17:17 stel dit so treffend: *"’n Vriend betoon te alle tye liefde en ’n broer is gebore vir tye van nood."* Iemand het dit soos volg gestel: *"A real vriend is one who walks in when the rest of the world walks out."*

Egte vriende is baie skaars – Bly bid vir elkeen wat jy het.
Kontak jou vriend (vriende) en sê dat jy hulle waardeer.
Doen ook iets tasbaars om te wys dat jy opreg is teenoor hulle.

## Wat ek ontdek het oor vrees

**Psalm 56:4** *"Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou."*

Vrees is die teenoorgestelde van geloof. Dit is so goed asof jy jou motor bestuur en net fokus op jou tru-spieël. Jy weet tog wat die gevolge sal wees. Dit is baie gevaarlik om altyd in jou lewe om te kyk. Vergeet al die negatiewe dinge wat met jou gebeur het en strek jou uit na die mooi dinge wat voor jou is. Lees hoe stel Paulus dit in Fil. 3:14.

Ek het ontdek dat die meeste dinge wat ons vrees, nooit sal gebeur nie. Indien jy my nie glo nie, gaan praat met 'n oom en tannie wat heelwat jare ervaring het. Natuurlik is daar gewone vrees, daarom sal jy uit die pad spring indien daar 'n motor of vragmotor op jou afjaag. Dan is daar 'n vrees wat jou benoud maak sodat jy nie kan slaap nie. Hierdie vrees kom van die bose, en moet weerstaan word.

Die dag toe die Filistyne vir Dawid gevang het, het hy ons teks uitgeroep: *"Die dag as ek vrees, sal **ék** op U vertrou."* Kyk mooi na ons teks, dan sal jy sien dat Dawid die woord "**ék**" beklemtoon het. Hy maak dit persoonlik wat hy hier sê.
Indien vrees aan jou deur kom klop dan sê jy vir vrees dat daar geskrywe staan in Psalm 34:8 dat die Engel van die Here 'n laer rondom jou sal trek omdat jy ontsag ('n heilige vrees) vir die Here het en Hom dien.

Net die Here se liefde is die volmaakte liefde.
Sy liefde het die mag om alle vrees wat jou bedreig te verdryf.
Vrees en liefde kan nie saam in ons bly nie. (1 Joh. 4:18)

# Besluite

**Spreuke 3:5,6** *"Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak."*

Die Lewende Bybel: *"Vertrou geheel en al op die Here en moenie op jou eie insig staatmaak nie. Hou Hom in gedagte by elke ding wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou lewe reg verloop."*

'n Mens kan 'n slegte besluit of 'n goeie besluit neem, maar die ergste van alles is wanneer jy geen besluit geneem het nie. Daagliks neem ons sekere besluite. Wat ek egter ontdek het in my lewe is dat die eerste gedagte wat na my gekom het oor 'n saak was gewoonlik die regte een. Moet nooit 'n besluit in moedeloosheid neem nie, want dit is gewoonlik die verkeerde besluit.

Neem die volgende in ag voordat jy 'n belangrike besluit moet neem. Maak seker dat jy alle relevante inligting het oor die besluit wat jy moet neem. Moenie terugstaan as daar onsekerheid sou kom terwyl jy jou besluit oordink nie. Die belangrikste in enige besluit wat jy moet neem is dat jy altyd vrede in jou hart sal hê. Sonder vrede, moet jy eers wag, voordat jy voortgaan met jou besluit – anders sal jy 'n groot fout maak.

Deur die jare het ek ook een ding geleer en dit is dat 95% van die wil van die Here is in elk geval bokant my skouers. Oordink hierdie stelling, totdat jy dit verstaan.

Die Here stel belang in die besluite wat ons neem.
Daarom het God Sy Heilige Gees gegee om ons leiding te gee.
Raadpleeg God in alles, en Hy sal jou pad vorentoe oopmaak.

**God se vrede**

**Filippense 4:7** *"En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."*

'The Amplified Bible' sê: *"And God's peace…which transcends all understanding shall garrison and mount guard over your hearts and minds in Christ Jesus."*

God se kinders kan te midde van groot storms steeds vrede ervaar. Baie maal maak die Here nie dadelik die storm stil nie, maar gee ons oorwinning <u>in die storm</u>. Soos wat God Daniël gered het in die leeus se kuil. Praat nie eers van sy drie vriende wat in die brandende oond gekom het nie! In die oond was God daar om hulle Sy vrede te gee.

Ek glo ook die volgende dinge sal ons vrede gee. Ten eerste dat ons reg moet dink. Joyce Meyer sê "The battlefield is the mind." Daarom skryf Paulus in Rom. 12:2 dat ons verander moet word in ons gemoed, in ons denke. In Kol. 3:12 lees ons dat ons ontferming, nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid moet "aantrek", soos wat ons klere aantrek. Beklee jou met die mooi dinge in die lewe sodat jy enige tekorte kan bedek. Lees ook Kol. 3:13 waar Paulus sê dat ons moet vergewe indien ons vrede soek.

Goeie raad is dat indien jy vrede soek sal jy dit vind in God se Woord. Wees wys en hou omstandighede dop. Tydsberekening speel 'n groot rol in ons lewe. Baie keer neem ons die regte besluit op die verkeerde tyd.

Ek spreek vrede oor jou en jou geliefdes uit.
Spreek ook vrede uit oor mense in jou omgewing.
Volg die voorbeeld van Jeremia in Jer. 29:7, rakende Babel.

## In watter Psalm is jy?

**Psalm 38:2,7,8** "O Here, straf my nie in U toorn nie en kasty my nie in U grimmigheid nie…Ek is krom, heeltemal geboë; die hele dag gaan ek in die rou; want my lendene is vol ontsteking, en daar is geen heel plek in my vlees nie." (Hier was Dawid 'n baie siek man.)

**Psalm 40:2,3,4** "Ek het die Here lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak. En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die Here vertrou." (Hier is Dawid in oorwinning.)

My vraag vandag aan jou is, in watter Psalm is jy vandag? Soos wat die Here vir Dawid geneem het uit Psalm 38 na Psalm 40 – só wil die Here dit ook doen vir jou. Ek is oortuig dat God jou 'n nuwe lied wil gee, soos wat Hy dit vir Israel gegee het nadat hulle deur die Rooi see gekom het. (Ex. 15) Ook soos wat Hy 'n lied gegee het vir die profeet Habakuk 3:17,16.

Tans is God besig met herstelwerk in Sy kerk. Hy gaan ons hartseer liedere verander in liedere van lof en prys. Daarom, indien iemand iets slegs van jou sê, leef so dat niemand dit sal glo nie. Jy moet jou geloof self voed dan sal jy sien dat twyfel sal sterf van honger. En die beste manier om jou geloof te voed is deur jou Bybel baie meer te lees. In Rom. 10:17 staan daar geskrywe: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." Kan jy sien, jou geloof word gevoed deur die woord van God.

Mag ek jou weer vra: In watter Psalm is jy vandag?
Jy moet weet dat slegte dinge kan ook God se kinders tref.
Soos Dawid, kan jy op God wag – Hy sal jou 'n nuwe lied gee.

**As God jou vrymaak!**

**Johannes 8:32,36** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak…As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."*

Dank God, hierdie Evangelie is 'n vrymakende Evangelie. Dié wat verneder is, word herstel. Die gebrokene word heel gemaak. Dié wat geestelik 'n gevangene geword het word vrygespreek. Dié wat treur word vertroos. En elke keer wanneer die Here dit doen, dan doen Hy dit so volkome. Die Here doen, in elk geval, nooit halwe werk nie.

Een ding waarvan die Here ons wil vrymaak, is van vrees. Daar staan geskrywe in Job 3:25: *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe."* God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7)

God wil ons ook vrymaak van 'n verslae gees. Want Spr. 17:22 sê: *"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."* In die Amplified Bybel word dit vertaal met: *"A happy heart is good medicine, and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries up the bones."* Die Boodskap vertaal Spr. 17:22 met: *"Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak."*

Kan jy verklaar dat jy waarlik 'n vry persoon is?
Ons moet kennis neem dat 'n bly mens is 'n vry mens.
Net waarheid maak volkome vry.

**Salwing gee gesag en groeikrag!**

**Psalm 92:11,13,15** *"Maar U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf…Die regverdige sal groei soos 'n palmboom…In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra…"* Vers 15 in 1983 vertaling sê: *"Selfs in hul ouderdom sal hulle toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

Salwing gee **gesag** (Vers 11) As ons ooit gesag nodig gehad het, dan is dit vandag. Salwing het 'n effek op jou **oë** (Vers 12) Jou oë is die lamp van jou liggaam. (Matt. 6:22) Salwing gee **groeikrag** en **standvastigheid** (Verse 13,14) Strek jouself uit na dit. Salwing het 'n effek op jou **ouderdom** (Vers 15)

**Hoe kan jy en ek "Fris en Lewenskragtig" wees?**

**Die antwoord vind ons in Gal. 5:21,22:** *"…'n mens kan duidelik sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word. Net soos 'n goeie boom vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Sulke mense **gee baie om vir ander**. Hulle lewe is **vol vreugde**. Die **vrede** wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle **verdra** ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal **vriendelikheid en warmte** uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle **doen goeie dinge** vir ander mense. **Ander kan altyd op hulle reken** omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou. **Hulle is vol deernis en ontferming**. **Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer** sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie."* (Die Boodskap)

Jesus is die enigste een wat ons kan salf met Sy Gees, sodat ons meer effektief vir Hom en Sy koninkryk kan wees.

Ek bid dat God jou "Fris en Lewenskragtig" sal maak.
Mag jy groter wees in jouself as hulle wat in die wêreld is.
Mag jy oorloop om lof aan God te kan gee! (Ps. 92:2-5)

## Ondersoek jouself

**2 Korinthiërs 13:5** *"Ondersoek jouself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!"*

Hier staan nie geskrywe dat ons ander mense moet ondersoek nie, want God het ons nie as 'n polisieman aangestel nie. Paulus sê dat ons onsself moet ondersoek en seker maak of ons nog reg glo. Want, 'n mens kan verkeerd glo. Ongeloof is ook om te glo, maar dit is geloof in "tru-rat". Dit is geloof wat jou agteruit laat gaan!

Hier staan ook nie dat ons onsself moet veroordeel nie. Baie mense is nogal geneig om dit te doen. In Rom. 8:1 staan geskrywe: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie…"* Hou op om jouself aan te kla – dit is die duiwel se werk, want hy kla ons dag en nag aan voor die Here. (Op. 12:10)

'The Amplified Bible' vertaal ons teks baie treffend met: *"Examine and test and evaluate your own selves to see whether you are holding to your faith and showing the proper fruits of it…"* Toets jouself en kyk watter soort vrug dra jy soos wat ons lees in Gal. 5:22, naamlik: Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Wees eerlik en opreg teenoor jouself en kyk hoe lyk jy binne.
Moenie jouself afkraak en jouself verkleineer nie.
Bely waar nodig en glo wat jy is in Christus Jesus. (Lees Ef. 1)

**Gee om maar moenie uitbrand nie.**

**Filippense 2:25,27** *"Maar ek het dit noodsaaklik geag om Epaphroditus, my broeder en medewerker en medestryder, julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle te stuur...Want hy was ook siek tot die dood; maar God was hom barmhartig..."*

In Filippense 2:25-30 vind ons a man met die naam van Epaphroditus wat baie siek was omdat hy homself uitgebrand het in die Here se werk. Hy was emosioneel op breekpunt en het huis toe verlang. Hy het so siek geword dat hy byna gesterf het. Paulus stuur hom huis toe en vra die gelowiges om mooi na hom te kyk, nadat die Here sy lewe gespaar het. Ek vind dit treffend, dat nadat die Here hom genees het was dit ook belangrik dat hy moes rus – en dit is iets wat soms ontbreek by ons.

God verwag van ons om 'n balans te handhaaf in ons lewe. Epaphroditus het hard gewerk vir die Here, maar nie gekyk na sy liggaamlike gesondheid nie. Paulus vra vir mense wat omgee om na sy vriend te kyk. In Die Boodskap staan daar geskrywe in Fil. 2:29: *"Gee hom 'n verwelkoming wat hy nie sommer sal vergeet nie, soos net ons Christene dit kan doen."*

Een uitstaande kenmerk van 'n ware kind van die Here is dat hy (of sy) opreg omgee vir ander mense en nie net vir hulleself leef nie. Veral in hierdie tyd dat ons so agter maskers lewe – tydens hierdie pandemie – moet ons meer omgee vir ander. Ek dink aan die woorde wat 'n spesialis die ander dag vir ons gesê het: *"Omdat mense nie ons hele gesig kan sien nie, moet ons oë hulle vertel dat ons werklik omgee."*

Wees jy ook 'n broeder, medewerker, medestryder en helper.
Wees 'n "omgee" mens en gee altyd net jou beste.
Maar kyk na jou gesondheid, deur genoeg te ontspan.

**Wees altyd geesdriftig.**

**Romeine 12:9,11** *"Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is...Moenie in julle toewyding verslap nie, bly geesdriftig."*

Die Boodskap: *"Moenie net maak asof julle mekaar liefhet nie. Nee, gee regtig vir mekaar om...Moenie vir een enkele oomblik verslap in julle diens aan die Here nie."*

Sonder geesdrif en entoesiasme word die hoogste vlakke in die lewe nie bereik nie. Entoesiasme sal jou energie vlag verhoog – selfs beter as die beste vitamines wat jy kan gebruik. Entoesiasme werk soos suurdeeg wat brood laat meer word. Dit gee jou krag in jou gees en maak jou vrymoedig. Ouderdom kan jou vel vol plooie maak, maar as jy jou geesdrif verloor sal daar "plooie" in jou siel ontstaan. As jy geesdriftig is sal jy makliker kan praat, meer kan doen en verseker baie beter kan sing.

Dit was die geesdrif in Dawid wat hom instaat gestel het om Goliat se uitdaging te kon aanvaar en hom te oorwin. Dit was God se vuur wat in Jeremia gebrand het wat hom laat uitroep het: *"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in Sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente."* (Jer. 20:9) Het jy ook hierdie brandende vuur in jou hart?

Die boodskap aan ons is dat ons geesdriftig moet wees.
Wees iemand wat altyd gedryf word met 'n passie.
Laat die Heilige Gees vuur gedurig brand in jou hart.

# Wat sal entoesiasme terugbring?

**Haggai 1:14** *"En die Here het die gees van Serubbabel…en die gees van Josua…en die gees van die hele oorblyfsel van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en die werk begin aan die huis van die Here van die leërskare, hulle God."*

Dit is jammer as iemand hul entoesiasme verloor het en nie meer dryfkrag het nie. Israel was op hierdie plek en daarom het God die profeet Haggai gebruik om 'n boodskap aan hulle te bring. Vir 16 jaar het Israel opgehou om te bou aan die tempel. Nou wek God hulle in hul gees op om weer entoesiasties te raak om voort te gaan met die bou van die tempel. In Haggai 2:8,9 beloof die Here hulle dat Hy sal voorsien in wat hulle nodig het om dit te doen.

Miskien het jy nuwe moed nodig, soos wat die Emmaus-gangers dit nodig gehad het? Lees gerus weer wat met hulle gebeur het in Luk. 24:13-32. Hulle gesprek met Jesus het hulle weer entoesiasme gegee om terug te gaan na Jerusalem om ook die dissipels te bemoedig. 'n Gesprek met Jesus sal altyd nuwe hoop in ons harte bring.

Ook as jy God se gawes aanwakker in jou lewe sal jy ondervind dat jou entoesiasme weer sal opvlam. Doen, en glo, wat geskrywe staan in 2 Tim. 1:6,7. Die beste ding wat jy kan doen is om te vergeet wat agter jou is en jouself uit te strek na dit wat voor is. Reik uit na die doel waarvoor die Here jou geroep het. (Fil. 3:14)

Ons almal het verseker 'n opwekking in ons gees nodig.
Dit gebeur wanneer God se Gees met ons gees kontak maak.
Ons sal dan oorloop van entoesiasme om doelgerig te lewe.

**Waarom troos God ons?**

**2 Korintiërs 1:3,4** Die Boodskap: *"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die eer toe. As ons Vader oorstroom Hy ons met Sy goedheid. As ons God troos Hy ons. Hy staan by ons en help ons in al ons krisisse. Daarom kan ons ander mense help en troos wanneer hulle swaarkry. Ons kan presies dieselfde troos met hulle deel as wat God met ons gedeel het."*

Ons is dankbaar elke keer wanneer God ons troos. Hy stel só belang daarin om ons te troos dat Hy Sy Heilige Gees as Trooster gestuur het. Jesus het gesê in Joh. 14:16: *"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle en in julle sal wees."* Omdat die Heilige Gees in ons sal wees, is Hy daar om ons te troos elke keer wanneer ons dit nodig het.

Baie mense met wie ons kontak het, het troos en bemoediging nodig. Ons moet besef dat God wat ons troos, doen dit sodat ons nooit sal vergeet om ander ook te troos nie. As gelowige leef ons nooit net vir onsself nie. Ons land se mense het baie troos nodig, en ons wat die blye boodskap ontvang het – moet dit deel met hulle met wie ons in aanraking kom.

Indien jy troos nodig het – weet dat die Trooster by jou is.
Vind uit wie het bemoediging nodig en praat hulle moed in.
Weekliks soek ek mense wie ek kan bemoedig, en bel hulle.

## Om ander lief te hê

**1 Johannes 4:21** *"En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê."*
Die Boodskap: *"Wie God liefhet, het geen ander keuse as om ook sy medegelowige lief te hê nie. Dit is die opdrag wat Hy vir ons gegee het."*

Die opdrag in die Bybel is dat ons medegelowiges moet liefhê. Maar ek is seker ons aanvaar ook dat ons alle mense moet liefhê? Maar kom ons wees eerlik, dit is nie 'n maklike ding om te doen nie. Paulus sê in Rom. 12:18: *"...as dit moontlik is, sovêr as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."*

Die vraag het tot my gekom: Moet ek van alle mense hou? Daar is 'n verskil tussen om almal "lief te hê" en om van almal "te hou". Daar is mense met wie jy sukkel om oor die weg te kom – ons noem hulle die skuurpapier mense. Hulle skuur jou gedurig nerfaf. Maak altyd seker hiervan: Is jou gesindheid van liefde, groter as jou frustrasie?

Jesus het gesê in Joh. 13:35: *"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."* Hoe jy ook al die boonste deel verstaan. Ons moet herken word, as volgelinge van Jesus, deur die liefde wat ons het.

Ondersoek jouself of jy opreg is en ware liefde het.
Al hou jy nie van iemand nie – gee tog al die liefde wat jy kan.
Om lief te hê is tog nie so moeilik nie.

**God se lof moet in ons mond wees.**

**Psalm 34:2,4,7** *"Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees…Maak saam met my die Here groot, en laat ons saam Sy Naam verhef!... Hierdie ellendige het geroep, en die Here het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos."*

Dawid was in groot benoudheid toe hy hierdie Psalm geskryf het. In 1 Sam. 21 lees ons dat hy homself kranksinnig gehou het want hy was bang dat die Filistyne hom sou doodmaak, omdat hy Goliat verslaan het. (1 Sam. 21:11-13) Koning Agis wou niks met Dawid te doen gehad het nie. Omdat Dawid homself kranksinnig gehou het, het dit sy lewe gered. (1 Sam. 21:14,15)

In Dawid se benoudheid het hy besef sy oorwinning was in sy mond. Hy dra dus aan ons 'n duidelike boodskap oor. Hierdie is ook ons sleutel, tot sukses, elke keer as ons onder druk sou kom.

Ons wen of verloor lê in ons mond. Moet nooit vergeet dat lewe en dood is in die mag van die tong. (Spr. 18:21) Gebruik jou mond om die Here te loof. Moenie skaam wees om dit te doen nie. Doen dit altyd met groot wysheid en met 'n nederige hart. Weet as jy skaam sal wees vir God, sal Hy skaam wees vir jou. (Lukas 9:26)

Sing uit jou hart: "Ek wil die Here loof – loof met my hele hart." Sing weer die ou liedere wat jy so goed ken – sing tot Sy lof. God het jou ook gehoor en jou al baie keer verlos.

## God se heerlikheid

**Genesis 2:7,25** *"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword…En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie."*

Adam en Eva was nakend en tog het hulle nie skaam gekry nie, want die heerlikheid van God het hulle bedek. Ons weet nie presies hoe dit gewerk het nie – maar ek neem aan dat daar 'n glans oor hulle was. Nadat Adam en Eva gesondig het, het dit wat oor hulle was – naamlik Sy heerlikheid – hulle verlaat.

Elke mens ontbreek aan God se heerlikheid – volgens wat Paulus daaroor skryf in Rom. 3:23: *"…want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God…"* Maar wonderlik! Wanneer ons 'n nuwe mens in Christus word (2 Kor. 5:17) dan gee God ons weer Sy heerlikheid – Sy teenwoordigheid. Ons verander in mense wat God se liefde uitstraal na ander.

Ek deel met jou wat Gloria Copeland geskryf het: *"Het jy al ooit daaraan gedink dat die mens God se enigste skepping is wat klere nodig het om homself te bedek? Al Sy ander skepsels kweek hulle eie bedekking. Sommige het pelse, ander vere, en ander skubbe of leeragtige velle. Maar almal word van binne na buite aangetrek. Baie mense weet dit nie, maar aan die begin was die mens ook so geklee. Toe die mens geskep is, was hy bedek met die heerlikheid van God. Dit het van sy innerlike wese uitgestraal na buite. Daarom het hy nie agtergekom dat hy nakend is nie. Hy het eers besef dat hy nakend was nadat hy gesondig het en hy die heerlikheid van God verloor het."*

Straal jy nog steeds God se heerlikheid uit na ander?
Baie gelowiges het "dof" geword en Sy glans verloor.
Lees Matt. 5:17 – en laat jou lig so skyn voor die mense.

## Wat maak ons gelukkig?

**Matteus 5:2,7,9** Die Boodskap: *"Gelukkig is almal wat van God se goedheid en sorg afhanklik is. Hulle sal definitief 'n plek kry in Sy nuwe wêreld…Gelukkig is almal wat regtig vir ander mense omgee. God sal binnekort vir hulle wys presies hoeveel Hy vir hulle omgee…Gelukkig is almal wat vrede maak tussen mense wat in vyandskap met mekaar leef. God sal op die laaste dag voor almal sê dat hulle Sy kinders is."*

Die ou vertalings gebruik die woord "Geseënd" en "Salig" – terwyl die 2020 vertaling asook Die Boodskap die woord "Gelukkig" gebruik. Om gelukkig te wees beteken om vervuld en tevrede te wees.

Volgens ons Skrifgedeelte word ware geluk daarin gevind indien ons van God se sorg en goedheid afhanklik is. Jy sal ook ware geluk ondervind wanneer jy opreg vir ander mense omgee. Verder sal jy gelukkig en geseënd mens wees as jy 'n vredemaker is. Ons lees in Matt. 5:9: *"Salig (gelukkig, geseënd) is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* Dit kom hierop neer dat hulle wat nie vrede wil maak nie, nie hulleself as God se kinders kan noem nie.

Ek vertrou dat ek vandag praat met iemand wat 'n gelukkige persoon is? Op straat en in die besige winkels sien ons nie altyd mense wat baie gelukkig voorkom nie. Ek weet die tye waarin ons leef is nie maklike tye nie – maar ek weet ook jy het geluk in jou of jy het dit nie. Leef so dat jou geluk sal uitvloei na hulle met wie jy in aanraking kom.

Ek bid seën en ware geluk oor jou en jou geliefdes.
Gee om vir ander en God sal vir jou omgee.
Daar is 'n baie ou gesegde: "Be His hand extended."

**Gee altyd met die regte gesindheid.**

**2 Korintiërs 8:12** Die Boodskap: *"Die belangrikste van alles is dat julle julle geld met die regte gesindheid sal gee. Dan maak julle God se hart sommer baie bly."*

In 2 Kor. 8 en 9 leer Paulus die Griekse gelowiges hoe hulle moet gee aan mense wat in nood is. In hierdie geval leer hy die Grieke, wat self nie baie besit het nie, om te gee vir die baie arm Joodse gelowiges in Jerusalem. Ek moedig jou aan om hierdie twee hoofstukke weer te lees en die waarhede daarin jou eie te maak. Leer een ding en dit is om nie te min te gee nie. Gee altyd met blymoedigheid, want volgens 2 Kor. 9:7 het God 'n blymoedige gewer lief.

Natuurlik moet jy eers seker maak dat iemand werklik in nood is en dit wat hulle van jou sal ontvang nie verkeerdelik sal gebruik nie. Dit is nie altyd so maklik om dit te bepaal nie, maar gebruik die wysheid wat jy het. Moenie jouself beroof, deur terug te hou en nie te gee nie. Dit is tog beter om te gee as om te ontvang. (Hand. 20:35)

Lees weer ons teks dan sal jy sien dat ons altyd met die regte gesindheid moet gee. Soos ons teks dit stel: *"Dan maak julle God se hart sommer bly."* Moenie gee as jy verplig voel, of onder dwang is om te gee nie. Gee met vreugde in jou hart.

Jy gee nie tot jy "seer kry" nie – dit is nie in die Bybel nie.
Sorg dat jy altyd gee met die regte gesindheid.
Die regte gesindheid sal jou toekoms verander.

**Jesus se gebed om eenheid**

**Johannes 17:20,21** *"Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."*

In baie opsigte is dié gebed wat Jesus gebid het, in Johannes 17, nog nie vervul nie. Ek sê dit omdat ek sien hoe gelowiges in een gemeenskap soms praat van mekaar. Dink weer aan die treffende verklaring wat Jesus gemaak het in Markus 3:25: "…as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie." Hierdie geld vir 'n gewone huisgesin, maar ook vir die Here se huis, naamlik Sy kerk.

Natuurlik sal ons nie altyd met mekaar saamstem nie. Neem kennis dat eenheid nie eendersheid beteken nie. Elkeen van ons het hul eie persoonlikheid en geaardheid. Eensgesindheid is iets waarvoor ons kan bid en onsself beywer. Die rede waarom dit nodig is vind ons in ons teks: "…sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."
Verder het Jesus gesê in Joh. 13:35: "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

Jesus het gebid om eenheid in Sy kerk, hier op aarde.
Ons moet nou daaraan werk om Sy gebed in vervulling te kry.
Is jy bereid om jou hand van eenheid te gee vir hulle om jou?

**Die Heilige Gees wil mense omhels.**
**Handelinge 10:44** *"En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het."*

Petrus was besig om te preek vir Cornelius, die kaptein van 'n Italiaanse leërafdeling, en sy mense. Die Heilige Gees het sy preek onderbreek en op almal wat die Petrus se boodskap kon verstaan "geval" – of beter gestel – hulle "omhels". Want dit is wat in werklikheid hier gebeur het.

Die Woordeboek verklaar omhelsing as: "Om jou arms om iemand se lyf te slaan." Is dit nie wonderlik nie? Toe die Heilige Gees op hierdie groep mense "geval" het, het Hy eintlik Sy arms om elkeen van hulle geslaan. As daar ooit 'n tyd was dat ons as gelowiges dit nodig het, dan is dit in hierdie moeilike tye waarin ons lewe. Mag jy ook agterkom dat God se Gees jou so oorweldig dat Hy jou sal vasdruk met Sy sterk arms – om jou te beskut, te beskerm en lief te hê.

Al kan jy en ek nie fisies vandag mense omhels nie, moet die Here ons wys hoe ons dit in die gees met mense kan doen. Want agter elke masker (tydens hierdie pandemie) is daar iemand wat een of ander behoefte het – wat net deur 'n aanraking van die Here ontmoet kan word.

Wees getrou en bring God se waarhede aan dorstige mense.
Al mag jy nie, sal die Heilige Gees hulle omhels en versterk.
Onthou: God wil jou gebruik om Sy woord aan iemand te bring.

## Families moet herstel word

**Maleagi 4:6** *"En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie."*

Die Boodskap se vertaling van Maleagi 4:6 sê God begeer dat verhoudings tussen mense herstel moet word. Veral die verhouding tussen ouers en hulle kinders, sodat dit nie vir God nodig sal wees om die land te verwoes nie. As ons dus nie werk aan ons verhoudings met mekaar nie, is daar nie veel hoop vir ons land nie.

In Die Lewende Bybel word ons teks vertaal met: *"Hy sal ouers en kinders weer bymekaar bring, want as hulle nie na Sy boodskap wil luister nie, sal Ek kom en die land met totale vernietiging tref."* Om die oordeel van God te keer moet ons gewillig wees om na die Here se Woord te luister. Regdeur die Bybel is die boodskap baie duidelik dat ons moet luister en doen.

Ek weet nie hoe gaan dit vandag in jou familie nie? Maar ek wil vra dat ons ons bes sal doen om te sien dat verhoudings onder ons herstel sal word. Dit moet wees soos toe Nehemia gebou het aan die muur om Jerusalem. Elke gesin moes net bou aan die deel van die muur wat reg voor hom was. Jy hoef nie te bou aan ander families se verhoudings nie – maar aan jou eie familie se verhoudings is jy verplig om te bou.

Wees dankbaar vir die familie wat die Here jou gegee het.
Dink daaraan: Daar is hulle wat nie 'n familie het nie.
Doen jou bes om aan julle verhoudings te werk.

## God sal voor jou uit gaan

**Jesaja 45:2,3** *"Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel…"*

Hierdie woorde het God gesê aan ‘n heidense koning met die naam van Kores, wat ook deur die Here gesalf was. Hy was die een wat Israel uit ballingskap laat gaan het toe hulle in Babilon was. Hy het ook gesorg dat hulle die tempel in Jerusalem kon herbou. Kores was ‘n Persiese koning, wat deur die Here gebruik was om hierdie taak te vervul, volgens wat geskrywe staan in Esra 1:1-3.

Vandag sê die Here ook vir jou dat Hy sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak. Hy sal die deure oopmaak, wat moet oopgaan vir jou. Al moet Hy hierdie deure verbreek. Kyk wat word aan jou beloof in Fil. 4:19: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* Hoekom sal God dit doen? Sodat jy sal weet dat Hy jou by jou naam geroep het omdat jy aan Hom behoort.

Moenie een oomblik twyfel dat God nie by jou is nie.
Hy is altyd daar om na jou te luister en jou te help.
Hy gee ook meer as wat jy kan bid of wat jy kan verwag.

## Hoe sien God ons?

**2 Korintiërs 5:21** Die Lewende Bybel: *"Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Maar God het Hom verantwoordelik gemaak vir al ons sondes asof Hy dit self gedoen het. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Ons moet onsself sien soos wat God ons sien. Lees weer (met aandag) Psalm 139 om opnuut te besef hoe wonderlik die Here jou gemaak het. Selfs baie Christene vandag het 'n probleem met hulle selfbeeld. Dit is treffend hoe baie kursusse in gemeentes aangebied moet word om hul lidmate te help om die seer wat hulle in hulle binneste opgedoen het, te genees. Ek spreek my waardering uit vir wat leiers doen om hulle mense te help. My bekommernis is dat talle woon elke jaar weer van hierdie kursusse by, en tog kry hulle nie volkome bevryding nie.

Die goeie raad wat ek wil gee is dat ons as God se kinders, moet glo en aanvaar wat in die Bybel geskrywe staan. Jesus het gesê in Joh. 8:32,36: *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak...As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."* Glo wat in God se Woord staan. Volgens Rom. 8:1 is daar geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Glo ons teks van vandag (2 Kor. 5:21) naamlik dat jou skuld weggeneem is – dit is net so goed of jyself nooit sonde gedoen het nie.

Dit is hoe God jou sien nadat jy Sy kind geword het.
Glo ons teks en sê dit hoorbaar elke dag vir jouself.
Gaan leef as 'n verloste en gelukkige kind van God.

**Die Heilige Gees wil in ons gemeentes werk.**
**Handelinge 13:2-4** *"En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het, laat hulle hul gaan. So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus."*

Antiochië sal altyd bekend staan as die gemeente waar die dissipels van Christus vir die eerste keer Christine genoem was. Ons lees daarvan in Hand. 11:26: *"…en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem."*

Maar die gemeente in Antiochië sal ook bekend staan as 'n gemeente waar die Heilige Gees gewerk het. Ek dink ons almal wil deel wees van so 'n gemeente. Wanneer mense jou gemeente op 'n Sondag besoek, wat sê hulle as hulle daar wegry? Net gister het 'n vriend aan my gesê dat hy sy kerk besoek het as 'n nuwe intrekker, maar dat die kerk so dood was. Wanneer mense jou kerk besoek moet hulle die wonderlike teenwoordigheid van God se Gees daar vind.

Ons teks vertel ons hoe die Heilige Gees gewerk het in Antiochië, waar Paulus en Barnabas lidmate was. Toe die gemeente hulle moes uitstuur na die Sendingveld, is dit duidelik dat die Heilige Gees hulle uitgestuur het. Ek kan nie dink 'n gemeente kan reg funksioneer sonder dat die Heilige Gees in beheer is nie? Kyk weer mooi na die woorde wat ek onderstreep het in ons Skrifgedeelte.

Bid dat die Heilige Gees tuis sal wees in ons gemeente.
Elkeen wat by die kerk instap moet weet God se Gees is daar.
Hy wil elke dorstige siel ontmoet omdat Hy die Trooster is.

## Ons geloof sal getoets word

**1 Petrus 1:6,7** Die Boodskap: *"Dit kan gebeur dat daar in julle alledaagse lewe dinge gebeur wat nie vir julle lekker is nie en wat julle geloof op allerhande maniere toets. Moenie dat dit julle van stryk bring nie. Kom ons neem goud as voorbeeld. Geld wat van goud gemaak is, hou natuurlik nie vir altyd nie. Tog doen mense moeite om dit in 'n baie warm vuur te sit om so al die vuiligheid wat in die goud vassit, weg te smelt. So is dit met die geloof ook. Dit moet getoets en suiwer gemaak word..."*

Daar is baie voorbeelde in die Bybel waar mense se geloof in God getoets was. Die mees uitstaande een is seker toe God Abraham se geloof getoets het. Ons lees die volgende in Gen. 22:1,2 *"Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys."*

Abraham het presies geweet wat 'n brandoffer is, naamlik dat wat jy offer moet totaal uitbrand tot as. Isak was seker in die omgewing van 25 jaar toe hierdie groot toets van Abraham se geloof gekom het. Hyself was ongeveer 125 jaar. Isak was die beloofde seun wat Sara en hy van die Here ontvang het toe sy 90 was en hy 100. Die hele verhaal van wat gebeur het op die berg Moria waar Abraham sy seun Isak moes offer, vind ons in Gen. 22. Neem tyd om hierdie verhaal weer te lees.

## Aan elkeen wat deur 'n toets van geloof gaan.

Jak. 1:2-3 Die Boodskap: *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef."*

**Moenie moed opgee nie**

**1 Korintiërs 9:24** Die Boodskap: *"Julle weet dat al hardloop 'n klomp mense in 'n resies daar net een wenner kan wees. Moenie die spel van die lewe speel met die doel om tweede te kom nie. Leef jou lewe so dat jy wen."*

Hierdie bly een van die grootste waarhede wat daar is. Moet nooit moed opgee en dink jy sal nie jou doel in die lewe bereik nie. Daar is genoeg stories wat 'n paar boeke kan volmaak van mense wat aan gehou het totdat hulle bo uit gekom het.

Een van hierdie mooi stories het verlede Saterdag in Skotland plaasgevind. (16 Mei 2021) Dit was toe 'n gholfspeler, by name Richard Bland, sy eerste groot gholf toernooi gewen het, naamlik "The Betfred British Master" in Skotland. Op 48 was hy die oudste wenner nog ooit, nadat hy al 20 jaar 'n beroepspeler is en al 478 toernooie gespeel het. Dink daaraan: Hierdie man het 'n paar honderd keer probeer en nie moed opgegee nie. Richard en sy gesin was in trane van dankbaarheid. Selfs die televisie mense was ook in trane.

Ons Skrifgedeelte stel dit so treffend: *"Moenie die spel van die lewe speel met die doel om tweede te kom nie. Leef jou lewe so dat jy wen."* Laat die "wen" hier in jou weer sterk na vore kom, en moenie moed verloor nie.

Jy is tot alles in staat deur Christus wat jou krag gee.
Sy krag sal altyd in jou swakheid volbring word.
Hou jou oog gedurig op die wenpaal – en bly gefokus.

## Dank God vir Sy Gees

**Johannes 14:16,17,25,26** *"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees…Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

Elke jaar word Pinkster, regoor die wêreld, in baie kerke gevier. Ons herdenk die dag toe die Heilige Gees uitgestort was oor die eerste gelowiges in Jerusalem. (Hand. 2) As daar ooit 'n tyd was dat ons God moet vra vir die kragtige werking van Sy Gees, dan is dit in hierdie baie moeilike tye waarin ons lewe. Die "dooie bene" sal alleenlik lewendig word indien die Heilige Gees oor ons kerke, dorpe en stede sal kom – soos wat ons lees in die boek van Eségiël 37:1-10. Neem tyd om hierdie hoofstuk te lees en roep uit: *"Here, doen dit weer!"*

Ons kan God nooit genoeg dank vir Die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het nie. Die Amplified Bybel verduidelik, in Joh. 14:26, so treffend wie die Heilige Gees is. Daar lees ons dat Die Heilige Gees is ons Raadgewer, Helper, Intersessor, Advokaat, die een wat ons versterk en die een wat ons bystaan.
Die woorde wat in Engels hier gebruik word is: "Strengthener and Standby." Dit is presies wat die Gees doen.

Die Heilige Gees sal altyd by ons bly, tot in ewigheid.
Hy is die Gees van die waarheid – wat die wêreld nie ken nie.
Omdat ons Hom ken, sal Hy ons leer en lei. (Rom. 8:14)

## Die salwing met die Helige Gees

**Lukas 4:18,19** *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat vebryseld van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

Hierdie treffende woorde het Jesus oor Homself uitgespreek, nadat Hy vir veertig dae in die woetyn was. Hy het toe in Nasaret gekom, waar Hy opgevoed was, en hierdie woorde in die sinagoge gesê. Dit was net nadat Hy uit Jesaja 61 vir almal teenwoordig gelees het. (Lukas 4:14-17) Lees ook in Hand. 10:38 waarom God vir Jesus gesalf het.

Die salwing met die Heilige Gees is wanneer God se Gees oor my gees kom, sodat Hy my kan bekragtig vir diens in Sy koninkryk. 1 Joh. 2:20,27 *"En julle het die salwing van die Heilige Gees en weet alles...En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie..."*

Die Boodskap vertaal 1 Joh. 2:20,27 so treffend: *"Die Heilige Gees het Sy hand spesiaal op julle gelê. Julle almal weet daarom wat vir God reg en verkeerd is...Wat julle betref: julle het iets van Jesus gekry wat julle lewe totaal verander: sy Gees het by julle kom bly. So het Hy julle in Sy spesiale span vir hierdie wêreld gesit. Hy wil hê julle moet spesiale dinge vir Hom doen. Niemand moet julle dus allerhande dinge kom wysmaak of probeer leer nie. Die Heilige Gees is julle onderwyser en gids in alles wat waar is."*

Kan jy sê dat jy gesalf is met die Heilige Gees?
Elkeen wat dit sê, sal weet God het met hom/haar ontmoet.
Die Heilige Gees is dan jou onderwyser in alles wat waar is.

# Die liefde van God

**Romeine 5:5** *"En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."*

Ek onthou nog hoe ons as jongmense die koortjie gesing het: *"O, stort dit ook uit in my siel, die liefde van Emmanuel. O, stort dit ook uit in my siel."* As jongmense het ons dit altyd met groot oorgawe gesing. En dit is presies wat die Heilige Gees doen. Hy stort God se liefde in die harte van dié wat daarna dors.

Die Heilige Gees sal ons in alles leer. (Joh. 14:28) Die Heilige Gees lei ons ook in alle waarheid. (Joh. 18:13) Die Heilige Gees oortuig ons van sonde, geregtigheid en van oordeel. (Joh. 16:7-11) Die Heilige Gees gee ons inwonende krag om vir God te kan getuig. (Hand. 1:8) Al hierdie dinge is wonderlik en noodsaaklik, maar dat die Heilige Gees God se liefde elke dag in my uitstort, beteken vir my geweldig baie.

Ek het weereens gaan lees hoe stel Die Boodskap ons teks, en deel dit met jou: *"Wanneer ons al ons hoop op God stel, sal ons nooit teleurgesteld wees nie. Want Hy vul ons lewens elke dag met Sy liefde. Dit doen Hy deur die Heilige Gees wat by ons bly."* Ek is so dankbaar dat God Sy liefde elke dag uitstort in ons harte. Sy liefde is dus daagliks vars in ons. Ons het verseker meer liefde as krag nodig.

God se volmaakte liefde dryf alle vrees na buite. (1 Joh. 4:18)
Daar is geen mag wat God se liefde ooit kan oorwin nie.
Wat geloof, hoop en liefde betref – bly liefde die grootste.

## Ons mag nie stilbly nie

**Psalm 78:3,4** *"Wat ons gehoor het en weet, wat ons voorouers aan ons vertel het, mag ons nie vir ons kinders wegsteek nie. Aan die volgende geslag sal ons die roemryke dade van die Here vertel: van Sy mag en die wonders wat Hy gedoen het."*

The Message says: *"We're not keeping this to ourselves, we're passing it along to the next generation. God's fame and fortune, the marvellous things He has done."* Hoe is dit moontlik om stil te bly en nie ander te vertel wat die Here vir jou gedoen het nie? Ek dink aan die vier melaatse manne, in die tyd van die groot hongersnood in Samaria. Toe die Here vir hulle voorsien het in hulle nood, het hulle ook hulle eie mense daarvan vertel – en sodoende hulle volk van ondergang gered. Neem tyd en lees weer hierdie verhaal in 2 Kon. 7. Besluit dan om nie stil te bly nie.

Aan die meer senior lesers, vra ek dat elkeen sal sorg om dit wat julle gehoor het en dit wat julle weet, oor te dra aan die jonger geslag. Ons skuld hulle dit. Moenie terug hou om te vertel van al die wonders wat die Here gedoen het nie – baie van die huidige geslag dra nie kennis daarvan nie.

Raak rustig en dink weer terug aan al die wonderlike dinge wat die Here vir jou gedoen het. Die geleenthede om dit aan iemand te vertel is voor jou deur. Moenie terughou om dit met iemand te deel nie. Daar is iemand wat nie kan wag om jou stories te hoor nie.

Wat ons gehoor het en wat ons weet is nie net vir onsself nie.
Dit is ook bedoel dat ander wat nie weet nie dit moet hoor.
Besluit sommer vandag om nie langer stil te bly nie.

**Die bediening van versoening.**

**2 Korinthiërs 5:18,20** *"En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons <u>die bediening van versoening</u> gegee het…Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen."*

Die Boodskap vertaal ons Skrifgedeelte met: *"Dit alles is God se werk. Hy het die vyandskap tussen ons en Hom uit die pad gevat toe Christus aan die kruis dood is. God het my nou in Sy diens geneem om vir mense te vertel van Sy versoening…Ek is Christus se ambassadeur hier op aarde. Ek verteenwoordig Hom op elke plek waar ek kom. God praat deur my met julle almal. Ek smeek julle in die Naam van Christus, laat toe dat God die vyandskap tussen Hom en julle wegvat. Aanvaar hierdie versoening as 'n geskenk uit Sy hand."*

Die woord "versoening" beteken om vrede te maak. As daar een ding is wat jy en ek moet wees, dan is dit om 'n vredemaker te wees. Indien jy 'n ware kind van God genoem wil word moet jy vrede kan maak. (Matt. 5:9) Vir hierdie rede sê Paulus dat hy Christus verteenwoordig op elke plek waar hy kom. Hy sê ook dat God dan deur hom praat (en werk) wanneer hy mense help om vrede te kry.

Een plek waar ons moet werk aan versoening (indien dit nodig is) is in ons familie. En moenie jou gemeente oorslaan nie. Jy moet nooit die oorsaak wees dat daar in jou gemeente verdeeldheid kom nie – al sou daar dinge wees wat nie altyd presies is soos wat jy dit wou gehad het nie.

Versoening is voorwaar 'n bediening wat ons moet uitleef.
Jesus Christus het deur Sy kruisdood ons versoen met God.
Wees iemand wat die 'Bediening van Versoening' uitleef.

## Goeie nuus maak ander ryk

**2 Korintiërs 6:4,10** Die Boodskap: *"Ons getuigskrif is dat ons in alle omstandighede op ons pos bly as God se diensknegte. Kyk net watter moeilike omstandighede moes ons al ter wille van die geloof verduur…Ons ken hartseer, maar ons is altyd vol vreugde. En armoede – ja, natuurlik weet ons ook wat dit is. Maar ons het al baie mense se lewe skatryk gemaak met die goeie nuus, Ons is regtig brandarm. Nie een van ons het 'n sent op ons naam nie, tog is ons skatryk. Ons werk immers vir God aan wie alles behoort en wat ons oorlaai met sy goedheid."*

Dit is treffend dat die meeste nuus oor die radio, televisie en koerante nie goeie nuus is nie. Hierdie tipe nuus maak niemand "ryk" nie, maar letterlik arm asook geestelik arm.

Vir hierdie rede is ek so dankbaar vir die goeie nuus van die evangelie van Jesus, wat voorwaar 'n blye boodskap is. In ons teks vertel Paulus ons dat hy deur baie moeilike omstandighede moes vasstaan in sy geloof. Hy sê dat hy hartseer geken het, maar dat hy altyd vol vreugde was. Hy het ook armoede geken, maar dat hy al baie mense se lewe skatryk gemaak het met die goeie nuus wat hy verkondig het. Die rykdom wat hy besit het, het nie gekom uit enige geld nie, maar dit het gekom uit die goedheid van God.

Goeie nuus is net goeie nuus as dit goeie nuus is. Die goeie nuus is dat God die wat in Christus is nuwe mense gemaak het. 2 Kor. 5:17 stel dit soos volg: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!" (Die Boodskap)*

Kan jy ook getuig van hierdie goeie nuus in 2 Kor. 5:17?
Wees ook iemand wat altyd goeie nuus aan ander vertel.
Ek is seker dat God jou ook al oorlaai het met Sy goedheid.

## Alles wat asem het, moet God loof

**Psalm 150:1,6** *"Halleluja! Loof God in Sy heiligdom, Loof Hom in Sy sterk uitspansel! Loof Hom oor Sy magtige dade, loof Hom na die volheid van Sy grootheid!... Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!"*

Volgens die Bybel, God se Woord, is lofprysing die beste, en mees toepaslike ding wat jy as gelowige kan doen. Inteendeel, almal moet dit kan doen – almal wat asem het! Het jy gehoor? As jy asemhaal moet jy die Here kan loof. (Dit staan geskrywe in ons teks.)

Ons moet net besef dat wanneer ons lof aan God gee moet ons dit doen soos Hy dit van ons verwag en nie soos ons dink om dit te doen nie. Ons groot probleem rakende lofprysing aan God is die manier hoe ons opgevoed was. Ons het groot geword in verskillende tipe kerkdienste. Ons was sekerlik opreg in wat ons gedoen het, maar was ons aanbidding soos wat die Here dit van ons verwag? Die antwoord op hierdie vraag sal ons in die Bybel vind. Lees plekke in die Bybel waar mense God geloof het en leer hoe jy dit moet doen.

Wanneer ons in die hemel kom is ek seker dat ons sal wil spring en juig omdat ons dankbaar sal wees dat ons dit gemaak het. Maar moenie tot dan wag nie – leer om God te loof met alles wat in jou is hier op aarde. Besluit om God te prys soos wat Hy daarvan hou en nie soos dit jou pas nie.

Wat beteken dit om lof aan God te gee?
*"Lofprysing is om die voortreflikheid van God uit te spreek. En ook om die hoedanigheid van God op te hemel en te prys."*

**God se Woord is lewend en kragtig.**

**Hebreërs 4:12** *"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."*

X-strale wys wat verkeerd is in jou liggaam. God kyk dieper as x-strale. Hy kyk tot diep in jou gees. Hy weet wat verkeerd is in jou lewe, maar weet ook wat reg is in jou lewe. Dit is net God se Woord wat die diepste dele in jou as mens kan bereik. Dit is ook net God, wat Sy Woord gebruik, om hier diep binne jou te genees. Vir hierdie rede moet jy gedurig Sy Woord lees en dit oordink – want God se Woord is lewend en kragtig.

Dit was treffend toe ek ons teks in die vertaling van Die Boodskap gelees het. Veral hierdie woorde het my aangespreek: *"Sy woorde is ook nie oppervlakkig nie. Soos 'n skerp mes diep kan sny, so sny dit wat God sê tot diep binne-in jou; ja, tot daar waar jy gedink het jy dinge kan wegsteek."*

God se Woord het verseker twee snykante. Dit "sny" iemand se hart wat dit hoor as ons dit aan hulle oordra, maar dit "sny" ook ons eie hart wanneer ons dit aan iemand bring. Wat van toepassing is op iemand anders is baie keer ook van toepassing op my.

Moet nooit skaam wees vir die Woord van die Here nie.
Wees God se mondstuk op aarde om Sy Woord oor te dra.
Daar is mense wat met verwagting uitsien dat jy 'n kragtige woord aan hulle sal gee.

**Waarom storms?**

**Markus 4:35,37** "En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy (Jesus) vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die ander kant…En 'n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word."

Ons dink dat storms tref mense omdat hulle nie altyd in God se volmaakte wil is nie. Hier tref 'n groot storm die dissipels terwyl Jesus ook saam met hulle in die boot is. Watter storms ook oor jou mag kom sal jy kan oorwin mits jy seker is dat Jesus met jou in daardie storm is.

Storms werk ook baie keer ten goede mee. Vandag weet ons dat storms damme kan volmaak. Ons weet ook dat storms bring stikstof in die grond sodat plante beter kan groei. God gebruik ook "geestelike storms" om Homself aan ons te openbaar. Storms het jou ook gehelp om "stikstof" in jou siel te kry, sodat jy geestelik beter kon groei. Indien ek Jak. 1:2,3 reg verstaan, dan gebruik God storms (beproewinge) om ons te laat volhard in ons geloof.

'n Storm het Jona gehelp om weer in God se wil te kom. Jona was besig om weg te hardloop van God se opdrag, naamlik om aan Ninevé die Here se woord oor te dra. Ek hoop nie jy beweeg weg van God se opdragte nie? Want dan kan die Here ook 'n storm gebruik sodat jy weer sal doen wat Hy jou gevra het.

Wanneer storms kom, sal jy 'n koersaanpassing moet maak. Jy sal ook ontslae moet raak van onnodige laste. (Hand. 27) Jesus wat die storm in Markus 4 stilgemaak het sal dit vir jou ook doen.

**Deure kan vanself oopgaan!**

**Handelinge 12:10** *"En toe hulle by die eerste en tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan."*

Klink dit na 'n sprokies verhaal? Maar dit het werklik plaasgevind. Petrus het in totaal 16 wagte gehad wat hom bewaak het. Daarby was hy in boeie. Hy het vas geslaap, wat wys dat hy vertroue in God gehad het, ten spyte daarvan dat hy in die tronk was. Volgens vers 7 het die engel wat hom besoek het, hom op die sy geslaan. Dit is die plek waar jy die vinnigste wakker word indien iemand jou daar sou slaan.

Petrus se boeie het dadelik afgeval en hy kon opstaan en saam met die engel gaan. Sonder 'n sleutel het die ysterpoort wat na die stad lei, vanself vir hulle oopgegaan. Moenie dink dat die deur wat nou voor jou is kan nie oopgemaak word nie. Dit maak nie saak wat die naam is van jou deur nie. Miskien is die naam van jou deur wat nou toe is: Finansies? Siekte? Werkloosheid? Huweliksprobleme? Studies? Neem kennis dat jou deur "vanself" sal oopgaan, menende nie deur jou toedoen nie, maar deur wat Christus vir jou wil en kan doen.

Jy hoef nie jou deur te slaan of dit te skop nie. Word stil in jou hart en vertrou dat God ook vir jou die deur sal oopmaak, soos wat Hy vir Petrus gedoen het. Ek praat nou nie van die deure wat jyself kan oopmaak nie. Ek praat van deure wat jy nie kan oopmaak nie. Bly vertrou op die beloftes in jou Bybel en sê vir jouself: "God het dit gesê en ek glo dit."

Ek is 'n oorhaastige tipe mens, en moet werk aan my geduld.
Gee jouself oor aan die Here soos wat Petrus gedoen het.
Mag jy dan aanskou hoedat Hy vir jou die deure oopmaak.

**My gebed vir jou**

**Kolossense 1:3-11** *"Wanneer ek bid, kan ek God nie genoeg dankie sê vir wat Hy vir jou doen nie…Ek vra dat God vir jou al die kennis sal gee wat jy nodig het om reg te leef. Mag die Heilige Gees jou duidelik wys hoe jy moet leef. Dan hoef jy mos nie te twyfel oor wat presies God van jou wil hê nie. En as jy weet wat om te doen en dit doen, sal die Here trots wees op jou en tevrede voel oor hoe jy leef…Mag Sy krag jou krag word sodat jy glad nie ongeduldig word en begin moed verloor nie. Nee, staan vas en hou moed!"* (Die Boodskap)

Hierdie gebed het Paulus gebid vir die gemeente van die Kolossense. Ek het dit aangepas om dit persoonlik vir jou te kan bid. Dit kom uit my hart. Net so kan jy van die Psalms gebruik en dit bid. Maak dit dan jou persoonlike gebed. As jong Christen het ek geleer om dit so te doen, want baie keer het jy net nie die woorde om uit te druk wat in jou hart is nie. Dit het my baie gehelp hoe om te bid.

Ons moet nooit ophou om vir mekaar te bid nie. Ek wil jou aanmoedig om nie net vinnig 'n naam te noem wanneer jy bid nie. Wees spesifiek in die woorde wat jy gebruik wanneer jy vir mense bid. En wanneer jy iets mooi skryf op 'n WhatsApp dink daaraan om iets sinvol te skryf. Almal het mos iets mooi in hulle waaroor ons kan praat. Dink aan die woorde wat ons vind in Spreuke 16:24: "Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente." Onthou dit wanneer jy 'n boodskap aan iemand stuur.

Vra die Here om iemand op jou hart te plaas vir wie jy kan bid. Hoekom bel jy nie daardie persoon en bid vir hom/haar nie? Wat van iets soortgelyks as ons teks vandag?

## Die Skepping vertel van God.

**Psalm 19:1,2** *"Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van Sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee."*

Die Skepping sê aan ons: Ek hoor die donderweer, en weet God is ontsagwekkend. Ek hoor die sagte reën wat alles laat groei, en weet God versorg en voorsien. Ek kyk na die sterre en weet God is oneindig. Elke deel van die Here se skepping vertel ons hoe God is en wie God is. Dit is presies wat Dawid sê in Psalm 19.

In Psalm 19 verse 8 tot 10 gebruik Dawid verskillende woorde wanneer Hy verwys na God se Woord. Hy praat van "Die wet van die Here" – "Die getuienis van die Here" – "Die bevele van die Here" – "Die gebod van die Here" – "Die vrees van die Here" – asook "Die verordeninge van die Here." Alles is dieselfde, naamlik God se Woord. Dink na oor wat ek hier verduidelik. In vers 11 sê Dawid dat God se Woord is begeerliker as goud. God se Woord moet vir ons die grootste skat wees wat ons besit.

Vandag het 'n prediker my gevra wat is die mees praktiese manier om Bybelstudie te doen? Dit was maklik om hom te antwoord, want die beste manier om dit te doen is om jou Bybel te lees totdat dit met jou sal praat. Die Bybel het 'n "stem" en dit is die Heilige Gees wat die geskrewe woord vir jou laat lewe, deurdat Hy uit 'n Skrif met jou sal praat.

Wanneer laas het God met jou gepraat deur die natuur?
Raak rustig dan sal Hy verseker met jou praat soos met Dawid.
Die waarheid is dat die Skepping vertel van onse God.

## Wandel altyd in die lig

**Spreuke 4:18** *"Die pad van regverdiges is soos die helder oggendlig – dit verhelder geleidelik tot die volle dag."*

Die vertaling van ons teks in Die Boodskap sê die lewe van iemand wat die Here lief het is soos 'n skerp lig wat almal kan sien en wat net helderder word totdat dit heeltemal dag is. Dit is wonderlik om die pad van geloof te loop. En ons moet onthou dat dit een tree per slag is wat ons moet loop. God is tevrede, al loop ons net een tree per slag – ons hoef nie eers te hardloop nie. Ons moet net sorg dat ons op Sy pad sal bly.

Moenie moedeloos word wanneer jy sal val op die pad wat jy loop nie. Moet net nie bly lê nie, maar staan elke keer weer op. Dank God, Sy pad is soos 'n helder lig wat sal deurbreek soos die oggendlig. Loop op God se pad en donkerheid moet verdwyn. Want in God is daar geen duisternis nie – net heerlike lig wat Hy gee. God het baie geduld met ons totdat ons die wedloop voleindig het.

Ef. 5:8 *"Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here – wandel soos kinders van die lig."* Neem kennis: Kol. 2:6 *"Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging."*

Jou lewe moet wees soos 'n skerp lig wat almal kan sien.
Daarom moet jou begeerte wees om in God se lig te wandel.
Dan sal die Here jou lei om in donker tye vir Hom te skyn.

# Die blydskap in die Here.

**Nehemia 8:11** *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."*

Esra, die priester, het tydens die huttefees aan Israel gelees uit die wet van Moses. Volgens vers 5 het Esra gestaan op 'n preekstoel, terwyl hy gelees het. Toe hy begin lees het, het die hele volk opgestaan, terwyl hulle "Amen en amen" gesê het, met hulle hande wat hulle opgesteek het. Hulle het ook gebuig en God aanbid met hulle aangesig na die aarde toe. Wat 'n groot respek het hierdie Jode gehad vir God se Woord. Iets waaraan ons vandag kan werk.

Een ding wat die Here Sy volk daardie dag wou leer was, dat die blydskap in die Here hulle sal beskerm. As daar een verdedigende wapen is wat ons het, wanneer donker dae ons oorval, dan is dit om ons te verbly in die Here. Ons dink ook aan Paulus en Silas in die tronk (Hand. 16) waar hulle gesing het totdat God die boeie losgemaak het en die traliedeure laat oopgaan het. Dieselfde sal met jou gebeur indien jy jouself kan verbly in die Here.

Paulus moedig ons aan dat ons altyd ons moet verbly in die Here. Fil. 4:4: *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle."* Dan sê hy ook in 1 Thes. 5:18: *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus oor julle."* Lees mooi: Paulus sê nie dat ons <u>vir alles</u> dankbaar moet wees nie, maar dat ons <u>in alles</u> dankbaar moet wees.

Jy kan nie bly wees as jy nie vriendelik is nie.
Jy kan nie bly wees as jy oor alles bekommerd is nie.
Jy kan ook nie bly wees as jy nie vrede besit nie.
Al hierdie waarhede hierbo sal jy vind in Fil. 4:5-7.

## Wat sal ware blydskap bring?

**Jeremia 15:16** *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was my vreugde en vrolikheid van my hart."*

Hoe meer ons die Woord van die Here lees, hoe meer sal dit ons harte vrolik maak. Indien ons nie Sy Woord gereeld lees nie, hoe verwag ons dat ons sal kan praat soos wat Jeremia gepraat het in ons teks?

Nog iets wat blydskap vir ons bring is wanneer ons betrokke is by dit wat God doen. In Ps. 92:5 lees ons hierdie treffende woord: *"Want U het my bly gemaak Here, deur U dade; ek jubel oor die werke van U hande."* Wat die Psalmdigter eintlik sê is dat toe hy gesien wat God gedoen het, het sy hart oorgeloop van blydskap. Mag ek vra: Begeer jy meer blydskap in jou lewe? Raak dan betrokke in dit wat God tans doen. Iemand het dit soos volg in Engels uitgedruk: "Find out where God is working and join Him."

Daar is verseker blydskap in die Here wanneer verlore siele weer gevind word. Dink maar aan die blydskap waarvan ons lees in Lukas 15, toe die penning, die skaap en ook die verlore seun weer gevind was. Die meeste blydskap wat ek al ervaar het, was wanneer ek iemand na Christus gelei het. As gelowiges moet ons harte oorloop van blydskap elke keer as ons besef dat ons name opgeskryf is in die hemel. (Luk. 10:19-21)

Ons blydskap sal hulle wat agter geestelik tralies is vrymaak. Die gelowiges se blydskap is nodig in hierdie bedrukte wêreld. Mag Sy blydskap oorborrel uit ons om baie ander hoop gee.

# Wenners raak ontslae van laste

**Hebreërs 12:1** Die Boodskap: *"Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoene het ons 'n skare mense wat voor ons met geloof en vertroue in God geleef het. Hulle moedig ons aan om gelowig vol te hou met die wedloop. Laat ons dan ontslae raak van enigiets wat ons hinder om die wedloop van die lewe behoorlik te hardloop. Dit is veral die sonde wat ons gedurig wil pootjie. Laat ons soos die ander gelowiges hardloop met alles wat ons het."*

Wenners het die regte mentaliteit. Hulle dink nie dat hulle 'n "sprinkaan" is, soos wat die tien spioene gedink het in Num. 13 nie. Wenners is soos Kaleb wat nog op die ouderdom van 85 kon uitroep in Jos. 14:10,11 *"…ek is vandag vyf-en-tagtig jaar oud; ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan."*

Wenners kan die verkeerde dinge wat met hulle gebeur het vergeet en soos Paulus uitroep in Fil. 3:14 *"Maar een ding: ek vergeet die dinge (die seermaak dinge) wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

Wenners sê dat hulle geseëndes is. (Ef. 1:3) Wenners sê dat hulle nuwe mense in Christus is. (2 Kor. 6:17) Wenners sê dat hulle tot alles in staat is deur Christus wat hulle die krag gee. (Fil. 4:13) Wenners sê ook dat hulle vry is van enige oordeel. (Rom. 8:1)

Om 'n ware wenner te wees moet jy ontslae raak van laste.
Laat ons altyd hardloop met alles wat ons in ons het.
Moedig ook ander wenners aan om met oorgawe te hardloop.

## Wat is jou voorneme?

**1 Korinthiërs 2:2** *"Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde."*

'n Voorneme is 'n besluit wat jy voor die tyd neem. Dit is wat Paulus gedoen het in ons teks. Hy het hom voorgeneem om nie ingewikkeld te preek nie. Hy wou nie dat hoë woorde en sy geleerdheid mense sou verhinder om die evangelie te hoor nie. Daarom was sy prediking Jesus Christus en Hom as die gekruisigde.

Dit sal wonderlik wees indien meer predikers van vandag, Paulus se voorbeeld sal navolg. In ons gemeentes is daar immers "skape" en nie "kameelperde" nie. Kameelperde eet hoog in die takke van die bome, terwyl skape hier onder wy aan dit wat groen en sappig is. As jy die evangelie wil deel, onthou jy werk met mense.

Paulus het hom ook voorgeneem om sy beste te gee in hierdie geestelike wedloop en om te hardloop soos iemand wat nie onseker is nie. (1 Kor. 9:26,26) Ek dink ook aan Job wat hom voorgeneem om God te eer, al gebeur wat. Toe sy vrou hom gevra het om God te blameer vir sy swaarkry het hy uitgeroep in Job 2:10 *"Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?"*

In Dan. 1:8 staan: *"En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie."* Wat is jou voorneme? Neem jou stand, al staan jy soos 'n Daniël alleen!

Moet jy 'n duidelike besluit oor iets belangriks neem?
Neem 'n vaste voorneme (soos Paulus) en hou daarby.
Hardloop jou geestelike resies soos iemand wat seker is.

**Die Here is ons Voorsiener.**

**Filippense 4:19** *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*
Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het. Dit sal Hy doen omdat julle aan Jesus behoort."*

Dit is goed om soms net terug te dink hoedat die Here vir jou voorsien het. Onthou jy nog die ou liedjie wat ons altyd gesing het? "Tel jou seëning een vir een, en jy sal verbaas wees die Here laat jou nooit alleen." Jare gelede was ek 'n evangelis, wat nie 'n vaste inkomste gehad het nie. Graag wil ek een getuienis met jou deel hoe die Here vir ons voorsien het.

Ek het gepreek in my tuisdorp op 'n Sondagaand, in 'n klein gemeente met ongeveer tagtig lidmate. Die volgende dag moes ek vir vyf weke vertrek om by verskillende gemeentes in ons land die Woord te gaan bedien. My probleem was dat ek egter nie genoeg brandstof in my motor gehad het om by die eerste gemeente uit te kom nie, en dit was meer as een duisend kilometers wat ek daarheen moes ry.

Aan die einde van daardie Sondagaand diens het die plaaslike leraar die gemeente gevra om 'n "liefdes offerande" vir my op te neem. Dit was genoeg om my motor vol brandstof te maak en ook kontant vir my vrou te gee vir wat nodig was vir die res van daardie maand. Ná die diens het 'n ouderling, wat 'n motorhawe besit het, my gevra om die volgende oggend voor ek vertrek my motor te kom vul met brandstof. Ook het hy bygevoeg: "En elke keer wanneer jy iewers gaan dienste hou moet jy eers jou motor kom volmaak met brandstof."

Ek is seker dat jy ook hierdie tipe getuienis het om te vertel? Moenie twyfel dat die Here vir jou sal voorsien in jou nood nie. Ken Hom in al jou weë en Hy sal jou weg gelykmaak. (Spr. 3:6)

## Boodskap van hoop

**Mattéüs 11:28-30** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."*

Daar is drie tipe mense vandag. Die wat oppad is na 'n storm. Die wat in die middel van 'n storm is. Die wat so pas uit 'n storm gekom het. Vir elkeen het ek 'n boodskap van hoop, en dit is in wat Jesus gesê het in ons Skrifgedeelte. Vir elkeen wat uitgeput en moeg is en wat swaarkry onder die laste wat jy dra, moet na Jesus kom want Hy sal aan jou rus gee.

Moontlik is jy siek, of moontlik is daar 'n familielid of 'n vriend in die hospitaal met die siekte wat oor die wêreld gekom het? Miskien het jy reeds iemand deur die dood verloor in hierdie pandemie? Wat ookal jou omstandgheid sou wees, bly Jesus se uitnodiging aan jou. Lees hierdie Skrif oor-en-oor, terwyl jy Jesus dank vir hierdie woorde: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*

Ek het Jesus se uitnodiging in ons Skrif ook in Die Boodskap gaan lees, en deel dit graag met jou, naamlik: *"Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek."*

Indien hierdie jou hoop gegee het, deel dit met iemand anders. Daar is baie wat moeg is en geknak is onder al hulle probleme. Jy kan vir hulle 'n reddingstou wees, waaraan hul kan vashou.

## Ons tong het groot mag

**Jakobus 3:4,5** *"Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil. So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag."*

Gebruik jou tong reg en jy sal berge versit. Hierdie waarheid wat Jakobus vir ons geleer het oor die mag van die tong, is een van die grootste waarhede wat daar is. Jy het nie groot stompe nodig om 'n groot vuur te maak nie. Al wat jy nodig het is om klein takkies te gebruik om 'n vuur te begin – wat mag het om 'n hele dorp af te brand.

Die tong het ook geweldig baie mag. Word dit verkeerd gebruik kan dit baie skade doen. Word die tong reg gebruik kan dit genesing bring in verhoudinge en selfs ook in gemeenskappe. Negatiewe woorde het die mag om lewens te verwoes. Woorde wat lewe spreek het die mag om versoening te bewerk. Praat woorde van geloof en seën en keer sodoende al die vurige pyle wat die duiwel op jou en jou geliefdes sou afskiet. Jou woorde van geloof sal dit uitblus. (Ef. 6:6)

Een uitstaande teks, rakende hierdie onderwerp, vind ons in Spr. 18:21: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."* Die Lewende Bybel vertaal dié teks met: *"…'n mens se woorde kan verskillende gevolge hê – dit kan doodmaak of lewe gee."*

Jou tong het baie mag, daarom moet jy jou woorde tel.
Gebruik jou tong reg en maak 'n verskil waar jy woon.
Praat net as dit waar is, 'n seën is en dit ander kan bemoedig.

## Jesus het gekom nie om te oordeel nie

**Johannes 3:17** *"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered sou word."*

Die vorige vers, naamlik Johannes 3:16, is seker die belangrikste vers in die hele Bybel. Dank God dat Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur is, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

God het Jesus na hierdie wêreld gestuur nie om dit te veroordeel nie, maar om dit te red. My vraag is: Hoekom kom baie prediking dan met veroordeling? Selfs Paulus se boodskap is so treffend in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."* Sien altyd jouself soos wat God jou sien, as 'n nuwe skepping. Al die ou dinge het verbygegaan en alles het nuut geword. 2 Kor. 5:17 *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Omdat Christus gekom het om nie te veroordeel nie, maar ons met God te versoen, staan hierdie geskrywe in Die Lewende Bybel. 2 Kor. 5:21: *"Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* Let op dat dit nie 'n mens is wat dit sê nie, maar dit is God wat hier praat. Die voorwaarde is natuurlik dat ons aan Christus verbind moet wees.

As jy wil weet hoe sien God jou – lees jou Bybel.
Daar is genoeg Skrifte wat ons vertel wat God van ons dink.
Moenie minder van jouself dink nie – jy is onder Sy genade.

## God, die bron van hoop.

**Romeine 15:13** *"Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker word deur die krag van die Heilige Gees!"*

Hoop is 'n inspirasie wat van God kom. Het jy geweet dat God se naam ook kom van die woord "entheos" wat entoesiasme beteken. Hoe meer jy van God toelaat in jou lewe, hoe meer entoesiasties sal jy wees. Daarom sê Paulus in Rom. 12:11 *"Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig (entoesiasties) dien die Here."*

Hoe weerstaan jy die vrees vir mislukking? Jy begin weer om te droom. Jy fokus nie op die slegte nuus nie. Jy droom om weer die dinge te doen wat jy die afgelope tyd nie so goed gedoen het nie. As jy 'n Christen is behoort jy 'n dromer te kan wees.

Twyfel is 'n gesindheid wat maklik ons kan oorval, daarom moet ons op ons hoede wees en dit nie toelaat nie. Twyfel sal natuurlik kom klop aan die deur van jou hart. Wanneer dit gebeur moet jy antwoord met 'n hart vol van geloof en hoop. Twyfel steel jou blydskap, maar hoop maak die deur van jou gemoed oop om te glo in die beloftes van God se woord.

In ons teks sê Paulus dat ons hoop al hoe sterker word deur die krag van die Heilige Gees. Dit is wonderlik om te weet dat Die Heilige Gees nie net geestelike gawes aan ons gee nie, maar Hy gee ook blydskap, vrede en hoop. (Sien Rom. 14:17)

Met die baie druk van vandag, het mense hulle hoop verloor.
Hoop sal nie uit die wêreld kom nie – maar uit dié wat glo.
Mag God Sy kinders, se hoop sterker maak deur Sy Gees.

# Hoe lank Here?

**Psalm 13:1-4** Die Boodskap: *"Hoe lank gaan U my nog alleen los, Here? Gaan U my aanmekaar bly vergeet? As U my nie help nie, voel dit of my swaarkry 'n ewigheid lank aanhou. Hoe lank gaan U niks aan my krisis doen nie? Hoe lank moet ek myself uit hierdie moeilikheid probeer kry? Ek is moeg daarvoor om aanmekaar bekommerd te wees. Hoe lank gaan my vyande my nog teen die planke vasdruk? Gee tog aandag en antwoord my, Here my God; maak my weer gelukkig…"*

Dit is Dawid wat hier bid. Ek dink as hy vandag geleef het, met alles wat ons elke dag beleef in ons samelewing, sou hy iets soortgelyks gebid het. Hy sou weereens verlate, verlore en eensaam gevoel het. So asof God nie hoor wanneer hy bid nie. Miskien voel jy ook so vandag? Miskien vang dit jou ook wanneer jy gebid het vir hulle wat siek geword het met Covit19, en watter siekte ook al? Jy het so opreg geglo vir genesing, maar tog moes jy beleef hoe 'n geliefde gesterf het. Praat nie eers van die geweld in ons land nie?

Dawid gesels met God in sy broosheid en skets aan God hoe hy alles beleef. Hy is eerlik en opreg voor God, wanneer hy sy hart oopmaak voor die Here. Maar terwyl Dawid met die Here praat, onthou hy al die kere toe die Here hom gered het uit baie moeilike omstandighede. Dit het weer nuwe lig en hoop gebring in sy hart, daarom vra hy dat God hom weer gelukkig sal maak.

As die lewe op jou ingesak het, hou aan om met die Here daaroor te praat, en wees eerlik met Hom. Vertel God waaroor jy teleurgesteld is. Maar onthou ook hoe God jou ontmoet het.

Leef dan met nuwe hoop en loof God omdat Hy getrou sal bly. *"Ek is van een saak oortuig: al ons swaarkry weeg glad nie op teen die wonderlike lewe wat op ons wag in God se nuwe wêreld nie."* (Die Boodskap – Rom. 8:18)

**Dit is goed om te beplan.**

**Spreuke 21:5** Die Lewende Bybel: *"Die beplanning van 'n mens wat gewillig is om te werk, lewer vir hom baie op, maar oorhaastigheid kan lei tot gebrek."*

Jes. 28:16 is altyd vir my 'n uitdaging – want dit lees soos volg: *"…hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Ek is iemand wat glo, maar ek erken dat ek soms haastig is. Wanneer 'n mens oorhaastig is beplan jy gewoonlik nie met wysheid nie. Natuurlik is daar tye dat jy 'n vinnige besluit moet neem – dit kan ons aanvaar. Die vertaling in Die Boodskap vat dit so treffend saam: *"Goeie beplanning bring sukses. Oorhaastige optrede kan jou duur te staan kom."*

Een van die treffende voorbeelde in die Bybel, van iemand wat 'n haastige besluit geneem het, was Esau. In Gen. 25:27-34 lees ons hoe Esau sy eersgeboortereg verkoop het vir sop net omdat hy honger was. Dit was 'n baie dom en oorhaastige besluit. Daar is baie mense wat hulle geestelike eersgeboortereg verkoop het vir die genietinge van hierdie wêreld se genot. Om te dink vir daardie eenmaal se genot het mense al hul siel verkoop aan die bose?

Oorhaastige bouery sal ook nie ten goede uitwerk nie. Daar is genoeg voorbeelde van groot geboue en Brugge wat net eenvoudig op 'n dag inmekaar gestort het, omdat dit oorhaastig gebou was en nie goed beplan was nie. Dit moet nie met jou gebeur rakende jou geestelike lewe nie. Moenie alles op 'n vinnige manier wil bekom nie. Ons word tog duidelik geleer in Jes. 40:31 dat die wat op die Here wag, kry nuwe krag. Dit is net hulle wat weet om op God te wag wat nie moeg sal word nie.

Die duiwel gee nie om as jy deur die groen weivelde draf nie.
Maar God sê ons moet rus in Sy groen weivelde. (Ps. 23:2)
Goeie raad: Neem jou besluite wanneer jy rustig is in jou gees.